# Proefskrifbespreking

HG van der Westhuizen – Labuschagne, JP 1987. *Die historiese konteks van 20ste eeuse samelewingsteologieë* ... 737

# Boekbespreking

LC Bezuidenhout – Venter, PM 1987. *Die kanongeskiedenis van die Ou Testament* ... 747
PB Boshoff – Lategan, B, Kinghorn, J, Du Plessis, L & De Villiers, E 1987. *Die keuse vir 'n inklusiewe demokrasie: 'n Teologies-etiese studie oor toepaslike gemeenskapswaardes vir Suid-Afrika* ... 749
FE Deist – Faber van der Meulen, H 1987. *Geloven kan ook anders* ... 752
TFJ Dreyer – Combrink, V 198. *Skrifgebruik in pastoraat: Die standpunt van Jay E Adams* ... 753
JP Labuschagne – Van Straaten, Z (ed) 1987. *Ideological beliefs in the social sciences* ... 756
JP Oberholzer – Potgieter, PC 1988. *Voorberei en toegerus* ... 758
JH Petzer – Metzger, BM 1987. *The canon of the new Testament: Its origin, development, and significance* ... 760
DJ Smith – Schutte, DJR 1987. *Wie is my naaste en wie se naaste is ek?* ... 764
HG van der Westhuizen – De Villiers, PGR 1987. *Leviatan aan 'n lintjie: Woord en wêreld van die sieners* ... 766
HG van der Westhuizen – Theological Convention of the Confessing Fellowships in Germany 1987. *Violence in Christ's name?* ... 773
HG van der Westhuizen – Coetzee, CFC 1986. *Die werk van die Heilige Gees in die teologiese denke van Andrew Murray* ... 776
E van Eck – Van der Walt, BJ (red) 1987. *'n Reformatoriese kommentaar op die Kairos-Dokument* ... 780
GC Velthuysen – Taylor, MK 1987. *Paul Tillich: Theologian of the boundaries* 784
SM van Staden – Instituut vir Reformatoriese Studies 1985. *Reformatoriese perspektiewe: Venster op die vrou* ... 787

# Proefskrifbespreking

**Labuschagne, JP 1987, Die historiese konteks van 20ste eeuse samelewingsteologieë**

Ongepubliseerde DD-proefskrif, Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria. Promotor: Prof AD Pont

**Resensent: Prof HG van der Westhuizen**

## 1. ALGEMEEN INLEIDEND

Dié studiewerk getuig optimaal van deeglike selfstandige en langdurige navorsing, van wetenskaplike ordening met seldsame insig, en 'n besondere rype oorspronklikheid. Dit is 'n loflike stuk werk waarmee die navorser en sy promotor gelukgewens moet word.

Die beskikbaarstelling van die oorspronklike bronne, en nie net formele verwysings daarna nie, en die konsekwente vertaling daarvan in Afrikaans, is besliste aanwinste. Ongelukkig kom daar soms 'n bietjie herhaling en uitrekking voor. Eersgenoemde is miskien soms nodig omdat die leser weens die lengte dalk sekere besonderhede kan vergeet. Uitrekking is, gesien die omvang van die proefskrif, egter onverskoonbaar.

Hoewel die historiese konteks van die samelewingsteologieë omvattend en dringend nagegaan is en die vraag **waarom** die aanhangers daarvan dink soos hulle dink, is die identifikasie van die samelewingsteologieë, naamlik die beantwoording van die vraag **wat** hulle dink, 'n bietjie aan sy eie lot oorgelaat. Gesien die opset van die studie kan die verwaarlosing van die **wat** tog in 'n mate verstaan word.

Die gebrek aan 'n sakeregister in so 'n omvattende werk, laat die naslaner in 'n doeltreffende labirint. Die ongerieflike outydse verwysingsisteem is blykbaar te verklaar deurdat die aanvang van die studie lank voor die algemene gebruik van die huidige sisteem was.

Ongelukkig was die oorspronklike eksemplaar wat tot my beskikking is, ontsier met 'n mag der menigte voorbeelde van taalslordigheid.

## 2. INHOUDELIKE OORSIG

Hoofstuk 1 bied 'n oorsig oor die rol van die eksistensialisme in die dialoog tussen Christendom en Marxisme. Die verskillende samele-

wingsteologieë word dan gegee, naamlik die Teologie van die Hoop, Teologie van die Rewolusie, Teologie van Bevryding en Swart Teologie.

Hoofstuk 2 handel oor die fondamente van 'n nuwe anti-metafisiese wêreldbeeld. Die Rasionalisme bring 'n sintese tussen rede en openbaring. Die kerk verloor die essensie van die Reformasie in hierdie verligtingsaanslag van die Rasionalisme.

Die Westerse wêreldbeeld ondergaan 'n omwenteling rondom Immanuel Kant.

Die nuwe metafisika van die mens word in hoofstuk 3 beskryf. Die Renaissance, Humanisme en Sofisme kom aan die beurt. Antroposentrisme en Sekularisme van die negentiende eeu en die geslote wêreldbeeld van die twintigste eeu word voortreflik beskryf. Ook die invloed wat die negentiende- en die twintigste-eeuse filosofiese strominge op die kerk het, word aktueel nagevors. Hier kom byvoorbeeld Sören Kierkegaard, Karl Barth, FED Schleiermacher en andere aan die beurt. Daar kan seker gevra word of die navorser werklik aan elke teoloog reg laat geskied. Neem byvoorbeeld sy beskrywing van Schleiermacher se Teologie van die Gevoel. Word Schleiermacher nie verkeerdelik of minstens eensydig tradisioneel ingekamp in 'n Teologie van die Gevoel nie? Waarom sou Karl Barth op gevorderde leeftyd 'n soort herinterpretasie van Schleiermacher daarop nagehou het, en gesê het dat die eerste teoloog wat hy in die hemel wil gaan opsoek om opnuut 'n gesprek mee te voer, is Schleiermacher?!

Binne die konteks van die geslote wêreld van die twintigste eeu met sy funksionele kultuur, word die ekumeniese beweging en die samelewingsteologieë as 'n ekumeniese familie, bespreek. Die oorsprong van die ekumeniese beweging word nagegaan. Die Wêreldraad van Kerke word volledig betrek.

Hoofstuk 4 en 5 handel oor revolusie. In hoofstuk 4 word eers die droom wat allerweë deur pragmatiste ook in ons land as die waarheid voorgehou word, aan die kaak gestel. Dit is dat revolusie nog nooit iets goeds vermag het nie. Hierteenoor word die pynlike werklikheid ontleed dat die moderne Westerse samelewing basies juis op drie revolusies gebou is. Hierna word die drie revolusies in redelike fyn besonderhede bespreek, naamlik die Engelse Revolusie (1642–1688), die Amerikaanse Revolusie (1776–1783) en die Franse Revolusie (1789). Laasgenoemde word in hoofstuk 5 oor sowat een honderd en vyftig bladsye bespreek!

Besonder insiggewend is die bespreking van die verskuiwing in die Protestantisme waardeur die kerk aan die ekonomie diensbaar word.

Hierdie bespreking in hoofstuk 6 gaan eers noukeurig na dat Calvyn en Luther geen pionne van die Kapitalisme was nie. Indeendeel! Calvyn se se teokrasie bied vir kerk en owerheid 'n samelewingsetiek waarin beide verantwoordelik is vir 'n samelewing wat in ooreenstemming met die wil van God lewe. Ook Luther se samelewingsetiek is gefundeer in die regverdigmakende geloof en die verantwoordelike vryheid van die individuele Christen. Maar rondom William Perkins kom die weg van diensbaarmaking van die kerk aan die opkomende kapitalistiese gees aan die lig. In hierdie verband word Kuyper ('wêreldser' as Calvyn) en die neo-Calvinisme met Van Ruler se teokrasie daarteen, bespreek. Met Adam Smith word by die moderne Kapitalisme met al sy surpluskapitaal, markkragte en so meer gearriveer.

In die laaste hoofstuk, hoofstuk 7, word die samelewing wat gebou is op 'n ekonomiese basis volledig van bladsy 702 tot bladsy 1218 bespreek. Dit is 'n besonder aktuele en insiggewende behandeling van die onderwerp. Hier kom die positiewe resultate van die ondersoek skerp snydend aan die man.

Juis hier word dit ook duidelik dat die proefskrif se skering en inslag eties is – makro-eties. Eers word die samelewingsbeskouing van Plato en Aristotoles in beskouing geneem – naamlik 'n samelewing gebou op die rede en die etiek. In die Middeleeue kom daar 'n Christelike stempel op die eties-rasionele basis van die samelewing. Die Reformasie kom dan met 'n onvermengde Christelik-etiese basis. Hier word ook die rol van die verbond bespreek. Die humanisties-rasionalistiese prinsipes soek teenoor die Reformasie 'n samelewing wat gebou is op natuurregtelike aannames. Die volgende skakering in die etiese grondslag van die samelewing is dié waarin die mark 'n groot bepalende faktor word. Adam Smith lê die klem hier op die vryheid van die mark. Jean Jacques Rousseau lê die klem op die vryheid van die mens. Laasgenoemde word deur Labuschagne op 'n baie positiewe wyse eintlik in 'n nuwe lig gestel. Rousseau word in die geskiedenis die vertrekpunt vir die ontwikkeling van 'n sosiale demokrasie met 'n mondige massabevolking. Dit is interessante leesstof om Rousseau deur die oë van Labuschagne te lees. Uiteindelik land die samelewing aan op 'n suiwer ekonomiese basis. Die bouers van die ekonomiese basis kom hier onder bespreking: GWF Hegel en Karl Marx.

Ten slotte gee Labuschagne 'n beoordeling van die ekonomiese sisteme en strukture. Die norm van 'n samelewingsbasis wat die kerk volgens die skrywer behoort voor te staan, is die Christelike etiek en dan wel as 'n relatiwiteitsetiek. Die skrywer neem myns insiens hier 'n

standpunt in wat van ontsaglike waarde vir ons in Suid-Afrika is. Dit kan saamgevat word in die volgende sinnetjie wat ek aanhaal: 'Die hoogste vorm van naasteliefde vind ons in die huwelik, en vandaar ontplooi die **rangorde van relasies** verder' (bl 1137). Teen hierdie sentrale stelling as agtergrond, is een van die belangwekkende systellings: 'Om nie raak te sien dat die Bybel van Godsweë lewensruimte bied aan verskillende waardebelewing en ideologieë (nie), is weer eens om in menslike metafisiese en imperialistiese dwaasheid te verval' (bl 1138).

Die inhoud van hierdie proefskrif is so indringend belangrik. Ongelukkig is die omvang daarvan in 'n ongepubliseerde proefskrif ontoeganklik vir die meeste mense vir wie dit van ontsaglike waarde kan wees. Alle geestelike, kulturele en politieke leiers in ons land behoort indringende kennis van hierdie magistrale werk te hê.

## 3. TAALKUNDIG

### 3.1 Hoofletters

Die skrywer is baie lief om hoofletters soos die Duitse spelwyse en nie soos die Afrikaanse spelwyse nie, te gebruik, byvoorbeeld: Wêreld (bl 1 en vele ander), Daad (bl 3), Kerk, Kerkvolk ensovoorts (bl 3, 17 en letterlik honderde ander), Geloof (bl 16), Links (bl 39), Dollars (bl 65), Openbaring (bl 84, 92, 145, 159, 255, 256, 262, 264, 269, 275, 277, 285, 286, 298, 300, 301, ens), Voorsienigheid en Teenwoordigheid (bl 93), Universiteite (bl 99), Skool (bl 125), Teologie (bl 145, 301 ens), Aksies (bl 358), Evangelie of Evangeliese en so meer (bl 147, 206, 241–2x, 245, 250, 252, 267, 284, 285, 299, 349, ens), Lewende (bl 148), die Noorde van die VSA (bl 361), Vyfde (bl 190), Vier (bl 256), Universalisme of Universaliste (bl 260, 261), Sy (bl 265), Boek (bl 282), Skepping (bl 282), Val (bl 282), Vasteland (bl 284), Wêreldgees (bl 290), Kerkgeskiedenis (bl 299), Gemeente (bl 299, 301, 303), Vrye (bl 300), Handelende (bl 300), Kapitaalkragtige (bl 324), Konserwatiewe (bl 334), Strominge (bl 334), Gevestigde Kerk (bl 354). En so meer!

### 3.2 Kleinletters

Die skrywer is baie lief om soos die Nederlanders byvoeglike naamwoorde afgelei van selfstandige naamwoorde met kleinletters te skryf, byvoorbeeld: marxistiese (bl 7, 14, 53, ens) christelike (bl 16, 30, 43, 48,

50, 52, 176, 232, 245 ens), christendom (bl 23, 52, 176, 255 ens), christen (bl 50, 53, 156, 360 ens), pelagiaans (bl 100), lutherane (bl 379), aristoteliese (bl 100, 102), calvinisties (bl 100), jansenisme (bl 163), ensovoorts.

Voorbeelde van ander foutiewe kleinletters is:

swartes of swartmense (bl 68, 69, 70, 71, 72, 73 ens), wittes of witmense (bl 68, 69, 70, 71, 72 ens), piëtisme (bl 83), metodisme (bl 83, 145), reveil (bl 83), Roomse kerk (bl 102), samelewingsteologieë (bl 121, 176, 277 (2x), 317, 331, 332 (2x), 334), sosialisme (bl 206, 254), positivisme (bl 207, 209), modernisme (bl 254), tien Gebooie (bl 884), tweede Wêreldoorlog (bl 1012), ensovoorts.

### 3.3 Inkonsekwente hoof- en kleinletters

Waar Kerk gewoonlik met 'n hoofletter geskryf word, kom dit af en toe voor met 'n kleinletter (vgl bv bl 333), maar koninkryk word darem baie inkonsekwent met hoof- en kleinletters geskryf. Kyk hiervoor byvoorbeeld bladsye 270 en 271.

Eksistensialisme word feitlik langs mekaar met hoof- en kleinletters geskryf (bl 287).

Godsdiens word op dieselfde bladsy wisselend geskryf (bl 294). Evangelie word gereeld verkeerdelik met 'n hoofletter geskryf (waar dit nie na 'n Bybelboek verwys nie) maar tog soms weer korek soos op bladsy 334. Pous en pous (bl 340), Kerkgebied en sendinggebied (bl 369), Kerk en staat (bl 564).

Gewoonlik Wêreldraad van Kerke maar op bladsy 369 ... kerke.

### 3.4 Aanmekaarskryfwyse

Foutief is: aan die anderkant vir aan die ander kant (bl 8, 29, 38, 49, 307 ens), aan die eenkant vir aan die een kant (bl 38, 49 ens), swakpunt vir swak punt (bl 345), van nou-af vir van nou af (bl 525), ensovoorts. Verdergaan vir verder gaan (bl 585, 1117), weereens vir weer eens (bl 598), publiekebeleid vir publieke beleid (bl 648), veelmeer vir veel meer (bl 727), terwille van (bl 981), ensovoorts.

### 3.5 Lang sinne

Die heel eerste sin, reeds in die Inleiding, beslaan die hele paragraaf en bestaan uit agt en vyftig woorde. Dikwels kom sinne van om en by sestig woorde voor (bv bl 343; 495 – twee en negentig woorde; 716 – ses

en negentig woorde; 999 – vier en tagtig woorde; 1048 – nege en sewentig woorde; 1201 – sewe en sestig woorde).

Die ongelooflike toppunt word op bladsy 1007 en 1008 bereik met 'n sin van twee honderd nege en dertig woorde!

Miskien dra die lang sinne ook daartoe by dat die dubbele negatief soms vergete bly.

### 3.6 Die dubbele negatief

Die skrywer minag hierdie tipiese Afrikaanse segswyse honderde kere.

Dit is baie ongelukkig en baie frustrerend. Dis ongelooflik om te sien dat 'n Afrikaanssprekende persoon, op 'n doktorale vlak reeds, hierdie hinderlike fout selfs met vele herhalings op dieselfde bladsy maak. Vergelyk maar net om mee te begin bladsye 75, 85 en honderde of duisende meer.

Die skrywer dra 'n Franse van. In hierdie feesjaar waarin ons die koms van die Franse Hugenote drie honderd jaar gelede vier, promoveer hy. Hierdie taalerfenis wat Afrikaans van die Franse voorouers gekry het, naamlik die dubbele negatief, vereis die dringende aandag téén die Engelse invloed.

### 3.7 Afkortings

Die skrywer maak gewoonweg in oop sinne van afkortings gebruik, byvoorbeeld: bv (bl 83, 100, 102, 113, 123 (2x), 125, 134, 139, 141, 168, 261, 263, 354, 355 ens), t o v (bl 85, 256, 276, 314, 321, 355 ens), d w s (bl 119, 122, 138, 140, ens), nl (bl 129 ens), ens (bl 179, 183, 199, 247, 260, 269, 354 ens), d i (bl 252 ens), o a (bl 521 ens), ensovoorts.

Soms word woorde uitgeskryf waar afkortings gebruik kon word – soos tussen hakies: ensovoorts (bl 205), Galasiërs, Romeine, Korintiërs (bl 260), ensovoorts.

### 3.8 Sinskonstruksie

Voorbeelde van abnormale sinskonstruksies is redelik volop. Sommige word genoem: ... om kennis van die reëele wêreld vas te probeer stel (bl 116). Waarby ons daarom nou uitkom, is by dit wat oorbly ... (bl 177). – hierdie god ... (vir die begin van 'n sin; bl 178).

Geestelik en maatskaplik dus wis die mens hom voorsien binne die heil wat vanuit die Kerk alle sfere van die menslike werklikheid bereik

(bl 179). Feuerbach was die eerste ... (sin kan ook aandag geniet, bl 195).

Hierdie Duitse Romantiek ('n sin van 49 woorde, sonder die dubbele negatief, kan herformuleer word, bl 214).

Op bladsy 721 is die volgende sin hersienbaar: Maar waar Plato ... weggevoer raak in die ryk van die behoort...

Die sinorde is soms ongelooflik primitief: ... wat Marx oortuig is van (bl 1095)!

In die heel eerste sin, ná twee woorde, kom die simptoom van onsekere gebruik van die komma na vore. Op bladsy 122: ... na dit wat iets tot 'is' tot 'werklikheid' verhef, kry ons 'n voorbeeld van die ontbreking van die komma. In die lang sinne, soos elders aangedui, is die komma as krukke geag om die leser deur die sin begelei te kry.

### 3.9 Syfers

Die skrywer moes liewers die baie syfers met woorde vervang het.

Enkele van die vele voorbeelde: 7 hoofstukke (bl 2 Inleiding), laat-50-tiger (bl 21), 6 studie afdelings, 4 gehandel het oor (bl 50), waarvan Kant 12 vasgestel het (bl 119), sy 3 postulate (bl 139), 20ste eeuse – 2x (bl 155 en vele ander bl waar 'n eeu-aanduiding voorkom), 3 dekades (bl 206), 3 maande (bl 281), 1/3 (bl 338), 3 fronte (bl 371), 3de front (bl 377), 123 kerke (bl 378), 60 duisend (sic! – bl 629), 8ste (bl 656), 2de Wêreldoorlog, ensovoorts.

Soms begin 'n sin selfs só: 18de eeuse ... (bl 886).

### 3.10 Foutiewe en ongewone uitdrukkings

'n Mens op sy eie-reg vir 'n mens in sy eie reg (bl 71). Gisbertus Voetius oorlede in 1675 – moet dit nie 1676 wees nie (bl 100)?

Sou 'n mens *bene teateque* met goed en gelukkig of met goed en voorbeeldig (mooi) kan vertaal (bl 181)?

Die skrywer sê konsekwent 'as volg' waar 'soos volg' tog beter klink.

Dit en dat sou vir dit en dit seker beter wees (bl 203).

... waaraan beide mens en dier in verskillende opsig (vir opsigte) deel het (bl 211).

Op bladsy 214 word twee keer van die ene mensheid vir een mensheid gespreek.

God sou (vir wil) dat ons weet ... (bl 248).

Verdergegaan vir verder gegaan (bl 251).

'Komende era' ('coming of age') vir era van mondigheid (bl 252).

Woord van die Bybel vir Woord van God (bl 253).

Soort van, wat 'n anglisisme is, vir: soort (bl 276, 352 ens).

Ge- ontbreek dikwels voor werkwoorde in die verlede tyd (bv restoureer – bl 278, ignoreer – bl 610, 1047, impliseer – bl 611, reflekteer (bl 728), respekteer (bl 769, 1036), rapporteer (bl 865), eksploiteer (bl 958), reguleer (bl 970), demonstreer (bl 999), identifiseer (bl 1024), kompromitteer (bl 1241).

Om as Christen aan (i p v in) Hom te glo (bl 303).

Metafiese vir metafisiese (bl 326).

So mens vir so 'n mens (bl 328).

Uit begin staan (bl 347), uit wil bou (bl 364).

Die ... Kerk het nie bygewoon nie, vir: ... het dit nie bygewoon nie (bl 378 en dergelike voorbeelde ook op ander plekke).

Dikwels word van Katolieke gepraat wanneer Roomses bedoel word (bv bl 463). Aan Engeland af moes staan (bl 485); Regoor in plaas van dwarsoor (bl 495 ens), regdeur in plaas van dwarsdeur (bl 531, 587, ens); uitdrukking gee van (i p v aan) die waardigheid van die mens (bl 628), eeue of geskiedenis om te kom (anglisisme – bl 643, 674, 698). By teksaanhalings is dit ongewoon om die hoofstuk as gelyk aan die vers (=) aan te gee (bv bl 747, 748 ens); menselike (bl 866); rondom dit nie (bl 866).

### 3.11 Spelling en tikfoute

Uit die oorspronklike eksemplaar wat tot my beskikking is, het ek een en 'n half bladsy spel- en tikfoute aangeteken. Omdat die skrywer dit vermoedelik in die finale eksemplare gekorrigeer het, laat ek dit daar.

## 4. TEGNIESE VERSORGING

Op bladsy sewe van die Inhoudsopgawe sluit 'n hakie nie by punt 3 se opskrif nie.

Vermoedelik is dit die moderne tikmasjiene wat reeds 'n i het en dan sukkel die tikster om 'n deelteken op die i te kry (bv bl 53 – gei¨nspireer, Jesuiëte (bl 85), stoisynse (bl 183), beei¨ndig (bl 689). Verder: vol=gens, in=stellings vir volgens en instellings (bl 203), werelds vir wêrelds (bl 245), Massa=chusetts (bl 476).

Die titel van die werk: Kerk en Wêreld 2000, word op bladsey 1232 as: Kerk in Wêreld 2000, aangegee.

Dat ADR Polman se werk op bladsy 1233 sonder jaar (s j) is, word nie aangedui nie.

Soms kom 'n punt voor die hakie sluit in plaas van na (bl 219).

Die afkapteken ontbreek by hoër- en middelklasse (bl 284).

Bladsye 345 tot 349 is verkeerdelik genommer as 245 tot 249.

'n Korter verwysingstelsel kon gebruik word. Een en dieselfde bron se verwysings beslaan soms byna 'n bladsy (vgl bv bl 1186, 1187, 1188).

Die Indeks van werke aangehaal by die Bibliografie sou veel makliker gefunksioneer het indien die voorname nie die familiename vooraf gegaan het nie.

## 5. OMVANG

Dit is 'n vraag of die uitgebreide filosofiese wêreldbeskrywing van die eeue voor die samelewingsteologieë in die aangebode omvang werklik nodig was. Na die tweede hoofstuk voel dit reeds of die leser die hele kursus Wysbegeerte I, II en III weer deurloop het.

Soms word sekere gedagtes herhaalde kere gestel. Ook die herhaling van datums kom dikwels voor (bv by Darwin bl 207, 208).

Was dit ook nodig om die Franse Revolusie en vele ander komponente in soveel detail te beskryf? Gevolglik kry die leser die gevoel dat die strekking naderhand begin vervloei (vgl bv hier rondom bl 1000 na bl 1060).

Die tientalle herhalings van dieselfde bron veroorsaak dat byvoorbeeld die laaste hoofstuk alleen ses honderd ses en vyftig verwysings het wat tagtig bladsye beslaan!

Dit bly, op 'n positiewe wyse bedoel, steeds 'n indrukwekkende magistrale werk van een duisend twee honderd drie en veertig bladsye.

## 6. BENADERING VAN TEMA

Die skrywer se benadering om nie die samelewingsteologieë sommer aanvaarbaar te ag of vanuit 'n bepaalde teologiese tradisie te verwerp nie, maar om dit histories eers te probeer verstaan, is verdienstelik en aktueel.

Soms is die onderskeid tussen wat die skrywer self wil sê en wat hy net wil weergee, baie vaag. Miskien is dit ook daaraan te wyte dat hy sy kritiek voorlopig as 't ware versluier en later as vanselfsprekend veronderstel. In hierdie verband sou 'n mens byvoorbeeld op bladsy 540 verwag dat die skrywer Bybelse kritiek uitoefen op 'n sin soos dié:

'Die regte van die individuele mens was sy erfdeel lank voordat enige gemeenskap of staat sy verskyning gemaak het ...' Adam was immers 'n skepping van 'n individu-in-gemeenskap. God self sê van die mens dis nie goed alleen nie. Die mens is wesenlik skeppingsmatig: mens-in-gemeenskap.

## 7. TIPE STUDIE

Aanvanklik sou ek die studie, eerder as kerkhistories, Godsdienswetenskaplik wil noem. Na hoofstuk een het dit egter ook 'n verdienstelike kerkhistoriese studie geword.

'n Mens raak algaande egter oortuig, om en by aan die einde van die eerste kwart van die studie, dat die skrywer 'n tipiese geskiedenisfilosoof is. Later dink jy hy is 'n ekonomiefilosoof.

Uiteindelik daag die gedagte by die leser op dat die skrywer 'n aktuele tipe studie op die makro-etiese vlak lewer. Sou ons nie juis in ons teologiese fakulteite die makro-etiek te veel ten gunste van die mikro-etiek verwaarloos nie?

Dat hierdie proefskrif geskryf is, is 'n onomwerpbare blywende wins soos min tot die kennisskat van ons Kerk en ons Fakulteit.

# Boekbespreking

**Venter, PM 1987 – Die kanongeskiedenis van die Ou Testament**

Pretoria: Kital. 176 bladsye. Prys R9.30

**Resensent: Dr Louis Bezuidenhout**

Die skrywer sê tereg dat die geskiedenis van die wording en samestelling van die Skrif 'n belangrike bydrae behoort te lewer tot die interpretasie van die Skrif en die siening oor die gesag van die Skrif. Ongelukkig dra baie min gelowiges kennis van die ingewikkelde kanongeskiedenis. Daar is wel goeie literatuur op die mark wat oor hierdie onderwerp handel, maar ongelukkig is die literatuur nie toeganklik vir iemand wat nie reeds oor toepaslike akademiese agtergrond beskik nie.

Die grootste voordeel van hierdie publikasie is dat dit die stof in 'n verteerbare vorm na die gewone gelowige bring. Die taal waarin dit geskryf is en die vorm van die aanbieding is van so 'n aard dat die geïnteresseerde lidmaat 'n goeie insae kan kry in die ingewikkelde problematiek van die kanongeskiedenis van die Ou Testament. Venter vermy verwarrende argumente en teenstrydige akademiese hipoteses en gee telkens slegs die mees aanvaarbare hipotese. Hierdie kennis behoort die lidmaat te lei tot 'n meer verantwoordbare hantering van die Skrif as kanon.

In die publikasie word verduidelik wat ons verstaan onder die begrip 'Kanon'. Alhoewel die skrywer erken dat ons nie altyd weet waarom sommige boeke as deel van die Bybel aanvaar is en ander nie, gee hy tog insae in die proses wat gelei het tot die vorming van 'n versameling kanonieke boeke. Die leser besef dat die versameling van Bybelboeke nie uit die lug geval het nie, maar dat dit 'n interessante en ingewikkelde pad geloop het. Die metode wat gevolg word in die navorsing van die ontstaan van die Kanon en die probleme daar rondom, word verduidelik.

Dit is interessant om te sien hoe die Here die geskiedenis en die mense gebruik het om die verskillende boeke van die Bybel tot stand te bring en saam te voeg. Hoewel daar met menslike oordele en vooroordele rekening gehou moet word, kan God se hand in die kanonvorming gesien word.

In hierdie publikasie word die gewone lidmaat bekend gestel aan aspekte wat gewoonlik net tot die wêreld van die eksegeet behoort. Die leser leer hoe skryfsisteme in die ou wêreld ontwikkel het. Hier word vertel hoe literêre tradisies tot stand gekom het, oorgelewer is en uiteindelik in 'n bepaalde teks of tekste neerslag gevind het. Sommige dinge in die Bybel wat vir ons na teenstrydighede lyk, kan verklaar word in die lig van die feit dat boeke en gedeeltes van boeke volgens 'n bepaalde proses by mekaar gevoeg is.

Van 'n resensent word verwag om krities te kyk na 'n publikasie. Ernstige kritiek kan nie teen hierdie publikasie uitgespreek word nie, tog kan 'n paar minder ernstige punte uitgelig word:

- 'n Paar drukfoute kom voor:
  T(anak = Wet) in plaas van Tora = Wet (bladsy 1)
  Gebruik van aanhalingstekens in 'Boek van die 12 ('klein profete') op bladsy 2
  'Westdele' in plaas van 'Wetsdele' op bladsy 45
  'Midras' in plaas van 'Midrasj' op bladsy 53
  'hallaka' in plaas van 'halaka' op bladsy 64
- Sommige gegewens is nie korrek nie:
  'In Jeremia 23: 5 en volgende word die woorde van Sagaria 3: 8 gereflekteer (bl 44).' Die boek Sagaria is egter na die boek Jeremia geskryf. Miskien is die sin net verkeerd geformuleer.
  'Job en die eerste 9 hoofstukke van Prediker kom ook uit hierdie tyd (bl 51).' Daar kan nie so 'n skeiding tussen die eerste 9 hoofstukke en die res van Prediker aangetoon word nie.
  'II Esdras 14 ... Dit staan in die Vulgaat bekend as IV Esdras. (bl 62)'. Dit moes IV **Esra** wees.
- Begrippe wat nie aan die veronderstelde leser bekend is nie, word sonder verduideliking gebruik. Dit word in sommige gevalle wel later in die publikasie verduidelik:

  Misjna en Gemara (bl 14)
  mondelinge fase (bl 14)
  Inleidingswetenskap (bl 22)
  oervader clans (bl 32)
  volkeretafels (bl 33)
  gepaarde denkrym (bl 33)
  gepaarde denkrym (bl 33)
  hallaga en haggada (bl 64)
  hoofletter-manuskripte (bl 68)

- Soms word onnodig ingewikkelde formulerings gebruik:
  'Bo-oor elke sirkel sou ons dus ook 'n sirkel moes poneer waarvan die invloedsrigting reg omgekeerd is (bl 18).'
  'Die teken word later 'n volledige abstraksie, wat ook aanverwante sake kon aandui (bl 26).'

Ten slotte kan met vrymoedigheid gesê word dat hierdie boek 'n aanwins sal wees vir elke persoon wat erns maak met die Skrif. Die publikasie getuig daarvan dat die skrywer 'n goeie insig in hierdie saak het en dat hy oor die vermoë beskik om dit duidelik oor te dra. Die boek word sterk aanbeveel.

---

**Lategan B, Kinghorn J, Du Plessis L, & De Villiers E, 1987 – Die keuse vir 'n inklusiewe demokrasie. 'n Teologies-etiese studie oor toepaslike gemeenskapswaardes vir Suid-Afrika**

Stellenbosch: Die Sentrum vir Hermeneutiek, Universiteit van Stellenbosch. 34 bladsye. Prys onbekend.

**Resensent: Dr PB Boshoff**

Wanneer ek gedwing word om in die geselskap van sulke goeie mense, Christelike moraliste, te kom, raak ek altyd eers verleë en verbouereerd, want in vergelyking met hulle is ek so onseker en het ek nie soveel goeds om te wys nie. 'Die keuse vir 'n inklusiewe demokrasie' is deur vier Stellenbosch'se moraliste, Lategan, Kinghorn, Du Plessis en De Villiers opgestel. Hulle getuig in die voorwoord dat hulle vanweë hulle 'eie sterk Christelike oortuiginge' (bl i) koers en leiding wil gee aan almal wat ons land se politieke probleme op die hart dra. 'n Verduideliking van wat hulle 'eie sterk Christelike oortuiginge' is, word egter nie gegee nie en moet mens maar jou eie afleidings maak.

Dat die vier in die voorwoord reeds van hulle 'eie sterk Christelike oortuiginge' gewag maak, waarsku die leser dat hierdie manne hulle daarop beroep dat hulle Christelike gelowiges is en daarom is hulle plan nie maar net nóg 'n voorstel soos al die ander nie, maar 'die keuse', die Christelike oplossing vir ons probleme. Hulle maak ook staat daarop dat hulle idee byval sal vind by die Christelike sektor wat '78% van ons gemeenskap uitmaak' (bl i). In die veelbewoë tyd waarin ons

leef, kom hulle met 'n dokument waarin hulle 'aan die versoenende bevrydingskrag en die bevrydende versoeningskrag van die evangelie van Christus gestalte' (bl iv) wil gee. Hulle stel op Christelike gronde 'n politieke bedeling vir die Suid-Afrika ná apartheid voor.

Die outeurs skryf oor die politiek en verwag dat daar na hulle geluister moet word omdat hulle sulke sterk Christelike oortuiginge het. Hulle is nog 'n bietjie ernstiger as al die ander wat oor die politiek praat. Aan hulle goeie bedoelings kan waaragtig nie getwyfel word nie. (Net soos wat mens nie kon twyfel aan die goeie bedoelings van die ou manne wat jare gelede gesê het dat apartheid die regverdige en Christelike oplossing vir die Naturellevraagstuk is nie.) Maar mag 'n mens so van die Christelike geloof gebruik maak? Geloof kan tog nie jou verdienste wees wat jou bo die ander laat uittroon nie. So 'n beroep kan ons nie op ons geloof maak nie. Geloof is nooit ons 'eie sterk Christelike oortuigings' nie. Geloof moet altyd weer ontstaan, moet altyd weer die sterk oortuigings of hoogmoed in ons eie hart oorwin, sodat ons ons nie op ons geloof kan beroep nie, maar net daarbinne kan lewe. Ons kan ook net vir onsself preek. Ons kan nie onsself of ons oortuigings preek nie. Dit is 'n les wat moraliste eers heel op die einde leer.

Mens kan hierdie boekie lees as nog een van die pogings om te vergoed vir die skade wat deur die teologiese regverdiging van apartheid aangerig is. Die skrywers wil nou die teendeel doen, naamlik om 'die saak vir 'n inklusiewe demokrasie' teologies te beredeneer (bl iii). Hier wil ek vra: Sou die mense by die Sentrum vir Hermeneutiek dan nie verstaan waar die probleme lê nie, naamlik dat as die teologiese regverdiging vir een politieke bedeling saam met daardie bedeling tot 'n val kom, waarom sal 'n nuwe regverdiging vir 'n nuwe bedeling vrugbaarder wees? Dit is die vraag wat teologies beredeneer moet word en nie 'n inklusiewe demokrasie of oligargie nie.

In die dokument beteken 'Christelik' dieselfde as 'die goeie' en onder 'die goeie' moet ons die 'morele orde' verstaan (vgl bl 21). Hierdie gelykstelling stel die skrywers in staat om die 'goeie' voorstel wat hulle maak, te vereenselwig met wat Christelik moet wees. Maar soos ek sake verstaan, is ons posisie in werklikheid baie bedenkliker as wat ons hier lees. Dit is nie so dat die een bedeling, byvoorbeeld die inklusiewe demokrasie, ons nader bring aan die ryk van God nie of 'voortekens' (bl 23) daarstel vir die vrede van Christus nie. 'Christelik' beteken dat ons deur die oordeel heen genade ontvang. Ook ons beste bedeling staan onder die goddelike oordeel. In die praktyk beteken dit dat ons nie hoef

te bely wanneer ons politieke planne maak nie, ons moet nugter en saaklik dink en besluit op die beste plan in elke gegewe situasie. Wat vandag na 'n goeie plan lyk, kan môre uitgedien wees. 'Eie sterk Christelike oortuiginge' staan in die pad van besadigdheid en verdraagsaamheid. En wat ons in hierdie veelbewoë tyd nodig het, is veral nie fanatisme nie, maar verdraagsaamheid.

In die eerste hoofstuk spel die skrywers die formele teologies-etiese perspektiewe uit waarbinne die politieke aksie moet plaasvind. Die grense word getrek met menslike gelykheid; eenheid en interafhanklikheid; vryheid; sosiale toerekenbaarheid; menslike regering; die gevolge van die sonde. Hierdie perspektiewe word in hoofstuk twee aangevul met grondliggende samelewingswaardes. Die skrywers trek dan daarvolgens die breë riglyne vir die politieke stelsel van Suid-Afrika:

- 'n verenigde enkele staat
- waarin burgerskapsregte nie bepaal word op grond van ras of etniese afkoms of stamverband nie
- met algemene volwasse stemreg
- gebaseer op die lojaliteit van almal en
- geregeer deur daardie leiers wat periodiek deur die meerderheid verkies word
- uit 'n plurale politieke spektrum
- maar binne 'n enkele stelsel waarin kruiskontroles ingebou is (bl 27–28).

'n Byvoegsel waarin basiese menseregte onder die opskrifte 'Die reg op vryheid', 'Die reg op regverdige en gelyke behandeling' en 'Die reg op assosiasie en deelname aan prosesse in die gemeenskap' uiteengesit word, sluit die werkie af.

Al is dit so dat die 'Christelike kerk wêreldwyd' die demokratiese stelsel aanvaar (bl 2), gee ons geloof nie aan ons so 'n program nie en mag ons ons nie vir ons programme daarop beroep nie.

Dit sal altyd stryd en volharding kos om, op grond van die oordeel, op God se genade te bly hoop. Hierin lê ons verbondenheid aan mekaar. Dit is nie gelykheid wat ons almal as bestemming ontvang het nie.

Wanneer ons so gelyk gebring is, kan ons nugter kyk na die gelykheid en ongelykheid van die burgers van ons land. Hoe ons elke keer moet maak, moet elkeen self besluit:

As enkelinge toon ons groot genade
aan die vyand, maar as massa op parade
stoot ongekende magte ons tesaam
tot wraak en gruweldade (DJ Opperman).

---

**Faber van der Meulen, H 1987 – Geloven kan ook anders**

Kampen: Kok. 165 Bladsye. Prys onbekend.

**Resensent: Prof FE Deist**

*Geloven kan ook anders* veronderstel (a) dat daar meer as een manier van glo is, en (b) dat ten minste een manier van glo moontlik nie (meer) opgaan nie. Dit is inderdaad waaroor hierdie boek handel, naamlik oor irritasies met tradisionele maniere van glo en van Christen-wees en die alternatiewe daarop. Van der Meulen se vertrekpunt is die geloof as 'n **beweeglike** driehoeksverhouding mens-God-medemens. 'Beweeglik' beteken hier dat daar nie vaste dogmas oor enige geloofsaangeleentheid mag groei nie en dat Christelike denke altyd oop moet staan na die toekoms toe. Wat ons oor onsself, ons naaste, God, die kerk, sedes, en dies meer weet, is relatief tot die kultuur en tyd waarin ons leef. Wat die Bybel oor dié sake te sê het, is eweneens relatief ten opsigte van kultuur, tyd en omstandighede. Daarom is daar, naas dogmatisme – wat verstarrend kan werk – nog 'n uitweg vir die Christen wat die relatiwiteit van alles aanvoel: Die gesprek. Nie net 'n gesprek met 'eiesoortiges' nie, maar met die hele spektrum van die Christendom. Meer nog, 'n gesprek met ander gelowe èn nie-gelowiges. In sulke gesprekke, wat in voortdurende aansluiting by die Bybel gevoer word, kan die waarheid vir nóú uitkristaliseer.

Mettertyd kom temas soos die Bybel, kerklike dogmas, die dominee, twyfel, 'ongeloof', homoseksualisme, selfmoord en genadedood een vir een in die lig van *Geloven kan ook anders* onder die loep.

Hoewel dogmatici swaar sal kou aan hierdie boek, en die koutjie dan bes moontlik nie gesluk kry nie, sal diegene wat dié soort geloofsprobleme ervaar waaroor die boek handel, dit prikkelend en selfs bevrydend vind. Die hoofstukke oor die almag en onmag van God het my besonder getref: Waarskynlik as gevolg van die relatiewe uitsigloosheid van ons eie situasie en die teodisee-probleme wat dit meebring. Die mooie van die boek is dat jy nie **hoef** saam te stem met wat die skrywer sê nie, want hy probeer jou nie 'in 'n blik' druk nie. Jy is 'n vrye

gespreksgenoot en jy voel die vryheid van jou reg op 'n eie mening deurgaans aan. Miskien moet juis predikante dié werk lees. Dit het simpatie met diegene wat sukkel om te glo. Dis onderhoudend geskryf en daag jou uit om wéér te dink, want *Geloven kan ook anders.*

---

**Combrink, V 1987 – Skrifgebruik in pastoraat: Die standpunt van Jay E Adams**

Potchefstroom. 147 bladsye. Prys onbekend.

**Resensent: Prof TFJ Dreyer**

## 1. INLEIDENDE OPMERKINGS

Die pastorale siening van Adams het in die jongste tyd wêreldwye reaksie uitgelok. Hierdie reaksie manifesteer enersyds in 'n skerp afgrensing teen Adams se siening wat omskryf word met terme soos anti-psigiatries, simplisties, fundamentalisties en radikaal. In sekere gereformeerde kringe word die siening van Adams andersyds weer verwelkom as 'n vars bries op die terrein van die pastoraat. In hierdie kringe word Adams se pastoraat aangeprys, omdat dit 'n hernude poging is tot 'n Bybelse pastoraat, wat bevry is van die manipulerende invloed van ander menswetenskappe. Te midde van die goedkeuring van Adams se pastoraat, klink daar egter ook in dié kringe telkens die waarskuwende woord dat hy op 'n Biblisistiese wyse met die Skrif in die pastoraat omgaan.

Ook hier te lande het die reaksie op Adams se teologiese denke nie uitgebly nie. Twee proefskrifte wat die werke van Adams ontleed, het onlangs verskyn. Die een was 'n proefskrif aan Unisa oor die Homiletiek van Adams deur HF Dwyer en die ander oor Adams se pastorale beskouing van Vorster Combrink. In beide hierdie studies val die soeklig op die Skrifgebruik van Adams wat in 'n sekere sin alreeds aandui dat juis die Skrifgebruik van Adams die punt van diskussie geword het.

## 2. METODOLOGIE

Die titel van die gepubliseerde proefskrif onder bespreking skep juis hierdie verwagting vanuit die formulering van die onderwerp, naam-

lik: 'Skrifgebruik in pastoraat: Die standpunt van Jay E Adams'. As hierdie onderwerp enigsins tot sy reg wou kom, sou daar op een of ander wyse 'n eksegetiese refleksie moet wees waaraan die Skrifgebruik van Adams getoets kon word. Hierdie verwagting het myns insiens nie in die proefskrif gerealiseer nie.

Op bladsy 1 word die doel van die ondersoek soos volg verwoord: 'Die doel van hierdie ondersoek is om vas te stel of Adams se standpunt oor Skrifgebruik in pastoraat Skriftuurlik is. Enkele kernpunte van sy beskouing word aan 'n Bybelse hermeneutiek getoets . . .' Op bladsy 5 stel hy verder: 'Die Skrif is as maatstaf aangelê en so is tot 'n evaluering van sy standpunt oor Skrifgebruik geraak . . .' In die evaluering van Adams se standpunt word die navorser se standpunt nie volledig eksegeties begrond nie, omdat dit die omvang van die navorsing te groot sou maak . . .'

Vanuit hierdie omskrywing van die doel en metode van die ondersoek word die verwagting dus geskep dat aan die hand van die Skrif self en met behulp van hermeneutiese insigte Adams se Skrifgebruik geëvalueer sal word. Die voorbehoud van die navorser dat dit nie **volledig** kan plaasvind nie, is aanvaarbaar, maar dit laat nog die legitieme verwagting dat ten minste ter illustrasie enkele eksegetiese snitte gedoen sal word. My groot kritiek teen die proefskrif is dat dit wat hy as doel en metode stel, nie realiseer nie.

Die tradisionele gereformeerde siening van hermeneutiek as reëls vir die eksegese word as norm gebruik en hieraan word Adams se skrifgebruik getoets. Aan die hand van hierdie hermeneutiese reëls word sekere temas aan die orde gestel soos byvoorbeeld in hoofstuk 2: 'Die Skrif as die Woord van God . . .'; in hoofstuk 3: 'Die deursigtigheid van die Skrif . . .'; in hoofstuk 4: 'Verbond en koninkryk . . .' ensovoorts. Die norm waarmee die Skrifgebruik van Adams ontleed word, is dus nie 'n wetenskaplik-eksegetiese ondersoek van die Skrif self nie, maar 'n 'teologiese teorie' oor Skrifgebruik. Hierdie 'teologiese teorie' waarmee hy as vertrekpunt werk, sou legitiem wees as hy dit in sy doel en metode van die ondersoek ook so sou omskryf. Indien hy dit as vertrekpunt sou neem, sou 'n mens ook met reg kon verwag dat hy sy 'teologiese teorie' waarmee hy werk, wetenskaplik sou toets aan die jongste navorsing op die gebied van die eksegese en hermeneutiek. Ook in dié opsig is daar 'n leemte aan wetenskaplike diskussie met andersdenkendes. Dit lyk somtyds of die hele nuwe vraagstelling rondom hermeneutiek en eksegese by hom verbygaan. As bron vir sy hermeneutiese beskouing verwys hy telkens terug na Greijdanus, 'n

werk wat in 1946 verskyn het. Nuwere insigte wys hy gewoon af (vgl bl 115), sonder om werklik op wetenskaplike wyse sy afwysing te begrond.

'n Mens sou eerder kan sê dat die promovendus Adams se teologie van die pastoraat toets aan die hand van die gangbare gereformeerde teologie. Hy slaag wel daarin om die hoofmomente van Adams se teologiese beskouing oor die pastoraat te belig en te vergelyk met sekere aanvaarde teologiese uitsprake. As dit die doel en metode van die ondersoek was, sou dit myns insiens meer suksesvol wees.

## 3. WETENSKAPLIKE BEWYSVOERING

In die loop van die ondersoek word stellings gemaak wat vandag nie meer so vanselfsprekend aanvaar sal word nie.

Die promovendus maak gewoon dié stellings sonder om dit deur middel van bewysvoering verder te begrond, of om met teenstanders in debat te tree. Enkele voorbeelde behoort dit voldoende te illustreer.

- bladsy 39: 'Die 'teologieë van Bybelskrywers' verskil nooit van mekaar nie, maar slegs die terminologie wat hulle gebruik...'
- bladsy 37: 'Die gereformeerde hermeneutiese beginsel, naamlik dat 'n moeilik verstaanbare Skrifgedeelte in die lig van duideliker uitsprake gelees moet word, word gerespekteer...'

Die indruk word soms gewek dat Adams doelbewus van Biblisisme vrygespreek word, terwyl dit deurskemer dat die navorser self die probleem raaksien. Op bladsy 42 bestry hy die uitspraak van De Klerk dat Adams die Bybel op 'n Biblisistiese wyse as 'n teksboek vir beraad gebruik, maar op bladsy 54 sê hy egter self: 'Hy hanteer die Skrif as 'n handboek vir gedragsverandering en oortree dus sy eie reël...'

## 4. SLOTOPMERKINGS

Die groot beswaar teen die proefskrif is dat dit wat in die onderwerp, doel en metode gepretendeer word, nie realiseer nie. As oorsig oor die teologie van Adams het dit egter die groot waarde dat hy aantoon dat, alhoewel Adams in sy Skrifgebruik Biblisistiese trekke vertoon, die breë lyne van sy teologie tog Skrifgetrou is. Die verdienste lê daarin dat hy die pastorale visie van Adams in gereformeerde kringe evalueer en

akkommodeer. Dit blyk duidelik dat die promovendus hom goed vergewis het van die siening van Adams op verskillende terreine. 'n Bietjie meer kritiese afstand sou die waarde van die navorsing verhoog het. Vir die belangstellende is hierdie proefskrif 'n handige oriëntasie tot die denke van Adams binne gereformeerde kringe.

---

**Van Straaten, Z (ed) 1987 – Ideological beliefs in the social sciences**

Pretoria: Human Sciences Research Council, Research report series No. 5. 210 bladsye. Prys onbekend.

**Resensent: Dr JP Labuschagne**

Die doel van hierdie studie word aangegee as 'n poging om die verhoudings vas te stel tussen aan die een kant ideologiese oortuigings en aan die ander kant metodologiese praktyke, prosedures, veronderstellings en aksiomas in die sosiale wetenskappe (bl 2, 4). Die studie kom tot die konklusie dat die verskillende sosiale wetenskappe in hulle onderskeie metodes (kwalitatief en kwantitatief), en dit sluit in inter alia politieke studies en die ekonomie, nie waardevry en ideologies vry is nie. Die wetenskaplike metode is dus 'nie immuun teen ideologiese kontaminasie' nie.

Wetenskaplike oortuigings, so word dikwels veronderstel, kan in kontras tot ideologiese oortuigings gesien word, daarin dat dit:

- gebaseer is op empiriese feite,
- oop is vir kritiek, en
- waardevry is, waar 'n ideologie juis nie in staat is om aan enige van hierdie kriteria te voldoen nie.

Dit is 'n onderskeiding wat gemaak word deur diegene wat die Anglo-Amerikaanse analitiese tradisie van die filosofie onderskrywe, veral dan Popper. Die doel hier, is egter om aan te toon dat die wetenskap in werklikheid net soos die ideologie, nie voldoen aan hierdie kriteria nie en dat die wetenskap en die ideologie veel meer gemeenskaplik het as wat tot hier toe wyd erken is. Wanneer ons voortgaan met hierdie denkrigting, ontdek ons later dat die wetenskap self 'ideologies' is...

Popper se siening dat wetenskaplikes in staat is om objektiewe en waardevrye beslissings te maak ten opsigte van die teorieë wat hulle aanvaar, word bevraagteken deur die werk van Kuhn en Quine. Hulle redeneer dat hierdie soort beslissings oorheers word deur die reëls, norme en oortuigings van die samelewing waarin die ondersoeker werksaam is . . . (bl 80, 81).

Dit is van die begin af vir my duidelik dat, indien ons studie ideologie moes interpreteer, ons verplig sou wees om 'n volledige metodologiese analise aan te bied wat daarna moes strewe om aan te toon hoe belange- en magsverhoudinge gedien word deur die gebruik van ideologiese uitdrukkings en konsepte . . . (bl 8).

Ideologie, as objek van hulle kritiek, word deurgaans deur die ondersoekers gesien as begrippe, vanuit belange (veral materieel) en behoeftes en praktyke in die samelewing, waarmee mense die wêreld om hulle organiseer en bepaal (vgl bv bl 12).

**Wanneer Van Straaten en sy mede-ondersoekers dit as feitlik onmoontlik beskou vir die sosiale wetenskappe om ideologievrye interpretasies in hulle ondersoeke te vermag, moet net onthou word dat hulle daarmee tegelyk hulle eie studie noodwendig onder verdenking plaas van 'n ideologiese bepaaldheid.** En dan is daar bepaald ook sekere fasette van hulle studie wat in daardie rigting wys: Onder andere is hulle kritiese ondersoek, oorwegend, sowel as hulle gevallestudies (bl 110 tot 192), deurgaans, gemik teen die Marxisme en die konserwatisme, terwyl liberalisme, kapitalisme nêrens in die spervuur geplaas word nie; trouens, daar is 'n besorgdheid te bespeur (bv op bl 191 en 192) dat in Suid-Afrika die struktuur van die kapitalisme nie tot sy volle reg gekom het in die volkekundige en sosiaal-antropologiese studies van die verlede nie.

Daar kan toegegee word dat daar 'n ideologiese bepaaldheid bestaan in die **sfeer** van die sosiale wetenskappe, veral dan in die **populêre literatuur**. Dan behoort ondersoekers in hierdie opsig ook aandag te gee aan die **volle spektrum** van die sosiale vakrigtings, byvoorbeeld óók dissiplines soos die **ekonomie** en die **staatsleer**, sélfs die **geskiedenis**, wat Van Straaten en sy span ongelukkig nie doen nie. Wat egter **totaal onaanvaarbaar** is, is suggesties, wat te maklik kom, dat die sosiale wetenskappe in die **algemeen** op een of ander wyse ideologies gedetermineer word. **Grondige studies** op alle terreine van die menswetenskappe sowel as die natuurwetenskappe staan deurslaggewend, **juis om wetenskap te kán wees**, op drie pilare: **Objektiwiteit, noodwendigheid en algemeen geldigheid**. Daarsonder is daar geen sprake van weten-

skaplikheid nie; wetenskap bestaan eenvoudig nie in 'n mengsel plus iets anders nie, byvoorbeeld wetenskap plus ideologie. Die waarde van grondige wetenskaplike studie kan kwalik oorskat word.

Die studie van Van Straaten en sy span het nie naastenby uitgekom by die **mens** agter die ideologie nie, van waar dit werklik om gaan in die ideologiese waardebelewing van mense op soek na 'n sinvolle en aanvaarbare wêreld.

Dat daar verskille onder mense sal bestaan, sal seker **altyd** so wees; empiries-wetenskaplik gesien, **was** dit tog nog **nooit anders nie**. Van Straaten en sy span het nietemin een of ander **holistiese idealisme** in die agterkop (bl 64 en 65) – 'n holisme wat in staat moet wees om telkens oor die grense van oortuigings en ideologieë heen te reik na 'n hoër eenheidsidee. Daar word onder meer gesê:

> Ons weet dat ons lewe in 'n wêreld waar daar Christene is, Boeddhiste, kommuniste en psigo-analiste, eksistensialiste, ... Gaan ons ooit die punt bereik waar ons kan ophou praat oor hierdie verskillende sisteme? Wel, miskien kan ons in die etiek en politiek 'n bietjie in daardie rigting vorder ... (bl 64).

Die verbasende bly dat, op bladsy 42, **die moontlikheid oopgehou word dat die Christendom gesien moet word as ideologie**. En wat beteken dit in die lig van die vorige paragraaf? Moet ook die Christelike geloof iewers in die toekoms oorskry word!?

---

**Potgieter, PC 1988 – Voorberei en Toegerus**

Bloemfontein: Pro Christo-Publikasies. UV Teologiese Studies No. 1

**Resensent: Prof JP Oberholzer**

In vier hoofstukke, naamlik Situasie-analise, Doelformulering, Kriteria vir leerstof-seleksie en Metodologiese ontwerp, bied die Bloemfonteinse hoogleraar in Dogmatologie 'n goeie gefundeerde, prikkelende studie oor bedieningsgerigte kurrikulering aan teologiese fakulteite. Die situasie-analise sluit in 'n vergelyking van enkele teologiese kurrikula in die Gereformeerde tradisie en 'n evaluering deur predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk-familie. Wat eersgenoemde betref, val dit op dat uit Nederland net die Vrye Universiteit en Kampen aan die orde kom en die ryksuniversiteite genegeer word. Daar is wel

aandag gegee aan die praktyk in Duitsland, maar Switserland, wat in 'n groot mate die Suid-Afrikaanse model van die teologiese fakulteit beïnvloed het, kom nie aan die orde nie. Die resultate van die vraelys is van groot waarde. Die vakke wat volgens die evaluering van die predikante voorrang moet geniet as verpligte vakke wat in diepte aangebied moet word, is Hermeneutiek, Eksegese, Boodskap (Teologie en Ou en Nuwe Testament), Kerkreg, Dogmatiek, Etiek, Simboliek en al die Prakties-Teologiese vakke. Dié wat verplig, maar breed oorsigtelik aangebied behoort te word, is Kanoniek, Inleiding, Kultuurhistoriese agtergrond, Algemene Kerkgeskiedenis, Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis, Dogmageskiedenis, Polemiek, Apologetiek, Ensiklopedie en al die Sendingwetenskaplike vakke. Tekskritiek geniet die minste waardering. Opvallende sake wat verder in die evaluering voorkom, is dat die grootste invloed op die teologiese denkpatroon van respondente tydens hulle studiejare uit dosente se lesings, voorgeskrewe boeke en gesprekke met medestudente gekom het; dat die voordragmetode (lesings) met transparante en praktiese werk in gemeentes en inrigtings as uiters geslaagde onderrigmetodes aangedui word; dat voortgesette teologiese opleiding as onontbeerlik beskou word; dat persoonlike kontak met dosente as die mees positiewe aspek van die teologiese opleiding gewaardeer word; en dat bepaalde vakke min relevansie vir die bediening het. Prof Potgieter behandel vervolgens die onderskeie stappe in kurrikulering met inagneming van die situasie-analise. En noem uit hierdie deeglike stuk arbeid net enkele elemente. 'Indien voortgesette teologiese opleiding gekoppel is aan die kurrikulum, word die druk om **alles** wat die predikant moet weet op een of ander wyse in die kurrikulum in te pas, weggeneem. Wat die formele opset betref, spreek dit vanself dat daar nie so ver van die gangbare patroon by ander teologiese fakulteite afgewyk kan word dat akademiese erkenning in gedrang kom nie'. Leerstof behoort deur al die teologiese dissiplines tot op die punt van praktykleer deurgetrek te word. Onderrigmetodiek aan die teologiese fakulteite voldoen oor die algemeen nie aan die verwagtinge nie. Ek neem aan dat die paar hinderlike setfoute op bladsye 12, 18 en 39 wat ek raakgesien het, reeds deur die skrywer self aangemerk is. Prof Potgieter het hier 'n waardevolle stuk werk gelewer wat deur geen teologiese fakulteit hier te lande verbygegaan behoort te word nie. Vir volle toepaslikheid binne die Fakulteit Teologie (Afdeling A) aan die Universiteit van Pretoria sou dit dalk nodig wees om 'n soortgelyke vraelys aan predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk te stuur.

---

**Metzger, BM 1987 – The canon of the New Testament: Its origin, development and significance**

Oxford: Clarendon Press. 326 bladsye. Prys onbekend.

**Resensent: Dr JH Petzer**

Dit gebeur soms dat 'n mens 'n nuwe boek van 'n bekende skrywer kry wat jou opnuut onder die indruk van die besondere eienskappe van die skrywer bring, hoewel jy goed met die werk van die betrokke skrywer bekend is. Metzger se boek oor die kanon van die Nuwe Testament val in hierdie kategorie. Synde die derde boek van 'n trilogie deur die skrywer – die eerste is sy bekende *The text of the New Testament* wat in 1968 sy tweede uitgawe gehad het en oor die teks van die Nuwe Testament handel, en die tweede sy *The early versions of the New Testament* wat in 1977 verskyn het en oor die vroeë vertalings van die Nuwe Testament handel – moet hierdie werk as 'n besondere hoogtepunt van die bekroonde skrywer daarvan beskou word en is dit gevolglik 'n gepaste vervulling van 'n lewensideaal van die skrywer.

Die boek bestaan uit: 'n Inleiding, drie hoofdele, naamlik 'n literatuuroorsig, 'n historiese deel en 'n teoretiese deel, vier kort aanhangsels en 'n volledige indeks.

Die inleiding bevat 'n kort oorsig oor vrae rondom die Nuwe-Testamentiese geskrifte in die tydperk voor die apostoliese vaders, soos die verhouding van mondelinge en skriftelike tradisies en die posisie van die Hebreeuse Bybel in die eerste eeu. Dit sluit af met 'n kort oorsig oor die geskiedenis van die kanon in die tweede, derde en vierde eeu. Daarmee dien die inleiding as 'n goeie oriëntering van die leser, sodat die leser presies weet wat om in die res van die boek te verwag.

Die eerste hoofdeel van die boek bevat 'n literatuuroorsig. Dit word in twee hoofstukke aangebied waarvan die eerste literatuur voor die twintigste eeu en die tweede die twintigste-eeuse literatuur behandel. Die bespreking begin by die literatuur in die sewentiende eeu en behandel alle belangrike werke oor die kanon van die Nuwe Testament wat sedertdien verskyn het. Die inligting word aangebied deur 'n verwysing na die skrywer en titel van die werk, en 'n kort bespreking van die historiese omstandighede van die betrokke werk en 'n opsomming van die inhoud en strekking daarvan. Waar sommige sou kon voel dat die bespreking te kort en bondig is, is die wins in die wyse waarop die materiaal aangebied word, naamlik dat die breë lyne en gedagte-

rigtings in die geskiedenis van die bestudering van die kanon duidelik na vore kom. Dit stel die leser in staat om skrywers en hulle werke dadelik te plaas. Die tweede winspunt in die wyse waarop die materiaal aangebied word, is dat dit die skrywer in staat gestel het om 'n baie volledige literatuuroorsig op 'n hanteerbare en verteerbare wyse aan te bied. Sy bespreking van literatuur sluit in literatuur in Engels, Duits, Frans, Nederlands, Spaans, Italiaans, Sweeds, Deens, Noors, Japanees en selfs Afrikaans.

In die tweede deel van die boek, wat die hoofdoel vorm en verreweg die langste is, word die geskiedenis van die kanon aan die orde gestel. Die eerste vier hoofstukke van die tweede deel handel in breë trekke oor die geskiedenis van die kanon in die tweede en vroeë derde eeu en sentreer om die vraag wanneer die Nuwe-Testamentiese geskrifte kanoniese gesag gekry het en watter faktore hierin 'n rol gespeel het. Die bespreking begin by die apostoliese vaders en elke moontlike verwysing na en aanhaling uit die Nuwe Testament en ander (buite-Bybelse) woorde van Jesus word aan die orde gestel. Daarna word oorgegaan tot die bespreking van die moontlike invloed wat die Gnostisisme, Marsion, Montanisme en die vervolgings op die vorming van die kanon gehad het, voordat die gebruik van die Nuwe Testament in patristiese geskrifte van die res van die tweede eeu bespreek word. In die bespreking van die patristiese getuienis word gekonsentreer op die verwysings na en moontlike aanhalings uit die Nuwe Testament in die betrokke geskrif. Elke verwysing of aanhaling word indiwidueel bespreek en die waarde daarvan vir die geskiedenis van die kanon word duidelik aangetoon. Metzger se konklusie is dat dit eers in die laaste gedeelte van die tweede eeu moontlik is om van 'n pertinente vorming van 'n Nuwe-Testamentiese kanon te praat. Hoewel die woorde van Jesus gesagvol aanvaar en oorgelewer is en sekere geskrifte van Nuwe-Testamentiese skrywers en vroeë kerkvaders 'n besondere posisie onder die kerklike literatuur ingeneem het, is dit eers teen die einde van die tweede eeu dat aan hulle kanoniese gesag en aanvaarding toegeken is.

Die res van die historiese deel van die boek word gewy aan die kanongeskiedenis sedert die derde eeu en konsentreer hoofsaaklik op die vraag watter boeke by die lys van gesagvolle boeke ingesluit moet word. Dit begin by 'n oorsig oor die apokriewe literatuur en hulle aansprake op kanonisiteit, gaan oor tot 'n bespreking van die *Kanon Muratorium* en Eusebius se lyste van boeke en word afgesluit met 'n samevattende oorsig oor die belangrikste elemente van die pogings om

die kanon in onderskeidelik die Oosterse en Westerse kerke af te sluit. Die laaste twee hoofstukke behandel die geskiedenis sedert Eusebuis tot in die moderne tyd. In die tweede gedeelte van die historiese deel word die besprekingspatroon van die eerste gehandhaaf. Eerder as om 'n eie rekonstruksie van die belangrikste feite te maak en die geskiedenis te beskryf, word die stof behandel deur telkens die werk van 'n bepaalde persoon aan te haal of te verwys en die betekenis daarvan vir die geskiedenis aan te toon.

In die derde hoofdeel word enkele historiese en teologiese probleme ten opsigte van die kanon bespreek. Die kriteria waarvolgens kanonisiteit bepaal word, die probleem van die verhouding van inspirasie en kanonisiteit, die vraag watter deel van die Nuwe Testament eerste as gesagvol erken is, die probleem van die pluraliteit van die Evangelies en die partikulariteit van die Pauliniese briewe, word onder die historiese probleme bespreek. Onder hedendaagse teologiese probleme word vier probleme aan die orde gestel, naamlik die vraag na die verhouding teks en kanon, die probleem van die openheid of geslotenheid van die kanon, of daar 'n kanon binne die kanon is en of die kanon 'n versameling van gesagvolle boeke of 'n gesagvolle versameling van boeke is. In hierdie laaste deel van die boek word die huidige standpunte van teoloë in die teologiese debat oor die kanon dus kortliks aan die orde gestel. In sy behandeling van die stof neem Metzger 'n basies konserwatiewe standpunt in, sonder om egter fundamentalisties te wees. Hy verwerp byvoorbeeld die gedagte van 'n kanon binne die kanon, maar het geen prinsipiële beswaar teen 'n oop kanon nie, hoewel hy aantoon dat dit prakties baie moeilik sal wees om addisionele boeke by die huidige *corpus* as kanon aanvaar te kry.

Die boek word afgesluit deur vier aanhangsels, waarin agtereenvolgens die geskiedenis van die woord **kanon**, die verskil in die volgorde waarin die boeke van die Nuwe Testament in die manuskripte en vroeë vertalings voorkom, die ontstaan en ontwikkeling van die titels van die boeke en 'n vertaling en kort bespreking van vroeë lyste van boeke, soos die *Kanon Muratorium*, die lyste van Eusebius, Origenes, Cyrillus van Jerusalem, die lys in Kodeks Beza, en baie ander, gegee word. Hierdie vier kort ekskurse is interessant en bied belangrike ondersteunende inligting vir dit wat in die boek aan die orde gestel is. Die indeks is besonder waardevol, aangesien dit 'n noodsaaklike gids is tot die literatuurverwysings in die voetnote.

Ten slotte enkele algemene indrukke. Een van die sterk punte van die boek lê ongetwyfeld in die historiese aanslag en die wyse waarop die

geskiedenis aan die orde gestel word. Die feit dat die boek nie slegs 'n sekondêre bespreking oor die geskiedenis van die kanon is nie, maar die bronne van die geskiedenis telkens self laat spreek en dan die konklusies daaruit maak, verhoog nie alleen die oortuigingskrag van die afleidings en rekonstruksies wat die skrywer maak nie, maar bied aan die leser ook baie waardevolle direkte inligting oor en uit die historiese bronne. 'n Besonder waardevolle element in die boek is die feit dat die kanongeskiedenis, waar toepaslik en relevant, in aansluiting by die teksgeskiedenis behandel word. Die boek bevat daarom waardevolle inligting oor die kanon wat in weinig ander boeke oor die kanongeskiedenis aan die orde kom. In aansluiting hierby getuig die boek opnuut van die besondere deeglikheid en volledigheid in die versameling, aanbieding en beoordeling van die materiaal wat oor die jare reeds 'n kenmerk van die skrywer se werk geword het. As sodanig bied die boek 'n objektiewe en gebalanseerde weergawe van debatte en standpunte oor historiese en teologiese probleme oor die kanon. Selfs wie met die skrywer nie saamstem oor bepaalde teologies en historiese sake nie, kan uit hierdie besprekings en die wyse waarop die argument gevoer en die stof aangebied word, 'n betroubare beeld van die debat kry. Die boek getuig verder van jarelange navorsing oor die onderwerp en die gevolgtrekkings wat daarin gemaak word, van 'n buitengewoon wye belesenheid en 'n noue en deeglike omgang met die stof.

Die bespreking van die boek sal nie volledig wees as nagelaat word om na die geweldige aantal voetnote en die inligting daarin te verwys nie. Addisioneel tot die literatuuroorsig in die eerste deel van die boek, wat hoofsaaklik beperk is tot literatuur oor die kanon en kanongeskiedenis, bevat elke bladsy van hierdie boek talle verwysings na literatuur oor feitlik elke denkbare aspek van wat bespreek word, van sake wat van direkte belang is vir wat bespreek word tot sake van meer algemene belang, soos bepaalde uitgawes van kerkvaders se tekste en inleidings tot die kerkvaders se geskiedenis en die waarde van hulle werk. Waar verskille in standpunte bespreek word, word 'n volledige weergawe van die literatuur oor die besondere saak gebied. Hierin het die leser 'n bron van inligting oor 'n geweldige veld van onskatbare waarde wat die reeds waardevolle teks van die boek op 'n besondere wyse aanvul.

Hierdie boek is 'n tipiese boek uit die pen van die befaamde skrywer daarvan en sal soos talle van sy ander werke, veral die eerste van die trilogie ten opsigte van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek, nie alleen vir jare vorentoe 'n belangrike bron vir die kanongeskiedenis wees nie, maar veral 'n beduidende invloed op die bestudering van die geskie-

denis van die kanon en die Nuwe-Testamentiese Inleidingswetenskap in die algemeen hê. Hoewel die boek van die hoogste wetenskaplike gehalte is, is dit egter so geskryf dat dit nie net vir teoloë en Nuwe-Testamentici van waarde is nie, maar dat enige iemand met 'n belangstelling in die geskiedenis van die kanon die boek verstaanbaar en maklik leesbaar sal vind en baie by die boek sal baat. Vir enige iemand met 'n belangstelling in die kanon word die boek sonder voorbehoud aanbeveel en selfs net die inligting wat in die voetnote gegee word, maak die boek 'n onmisbare deel van enige Nuwe-Testamentikus se biblioteek.

---

**Schutte, DJR 1987 – Wie is my naaste en wie se naaste is ek? (Reeks F: IRS FI Studiestukke No. 237)**

Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studies. 20 bladsye. Prys onbekend.

**Resensent: Dr DJ Smith**

Hierdie studiestuk gebruik die gelykenis van die barmhartige Samaritaan as vertrekpunt en wil vanuit die verklaring van die gelykenis die begrippe naaste en liefde omskryf. Verder word gepoog om riglyne te trek vir die toepassing en uitlewing van die begrippe naaste, liefde, en naasteliefde in die lewe van Christene binne die huidige bestel in Suid-Afrika. Dit is te verstane dat in 'n studie van hierdie omvang nie te veel fynere eksegetiese besonderhede na vore kan kom nie.

Schutte maak in sy ontleding van die begrippe naaste en liefde 'n paar behartenswaardige en gebalanseerde uitsprake wat hou by die Bybelse riglyne. So stel hy byvoorbeeld in sy ontleding van die begrip liefde dat ware liefde altyd 'n element van bewuste keuse en 'n wilsbesluit inhou. Daarom moet 'n mens waak teen die neiging om die begrip liefde te veel te bou op 'n gevoel of 'n hartsgesteldheid. Die Bybelse naasteliefde maak groter aanspraak op die wil as op die gevoel. Hy maak ook verder die stelling dat liefde nie dui op 'n vae idealistiese gerigtheid op die 'hele mensdom' of 'n wêreldomvattende humanisme nie.

Schutte gee ook 'n omlyning van die plek van naasteliefde in die lewe van 'n Christen. Hy gee hier aandag aan die verhouding van geloof en

liefde en wys op die verskynsel dat die liefde veral in die Reformatoriese tradisie relatief min aandag kry as dit, byvoorbeeld, in verhouding met geloof gestel word. Dit sou dan dalk te wyte kon wees aan die sterk klem wat daar op die *sola fide* gelê word en die gepaardgaande vrees vir 'n 'goeie werke'-godsdiens. In lyn met Paul Althaus wil hy dan naasteliefde sien as niks anders nie as die konkrete bevestiging van geloof en die konkrete uitleef van die verlossing in die dinamiek van die verskillende verhoudings waarin 'n mens hier op aarde bestaan.

Hy gee ook aandag aan die dinamiek van naasteliefde en hoe dit werk in die verhouding tot ons selfliefde, ons plek in die samelewing, ons plek in die gemeenskap van gelowiges en ons plek in die samelewing. Hy bespreek ook enkele hindernisse op die pad van die naasteliefde.

Wanneer hy die riglyne deurtrek na die praktyk, en dan die praktyk van die Suid-Afrikaanse situasie, kry 'n mens ongelukkig die indruk dat hy hom nie heeltemal laat lei deur die Bybelse riglyne alleen nie en dat daar 'n effense verskuiwing kom in die balans van sy opinie. Ek wil twee voorbeelde gee ter ondersteuning van hierdie indruk.

Eerstens, wanneer hy wys op die twee eensydighede wat die regte uitlewing van die naasteliefde bedreig, naamlik 'n wêreldvreemde piëtisme en 'n eensydig sosiaalgerigte evangelie, spandeer hy twee lang paragrawe aan 'n uiteensetting van die wêreldvreemde piëtisme. Sy uiteensetting loop uit op kritiek teen die Wit Afrikaanse kerke wat vanuit 'n wêreldvreemde piëtisme stel dat die kerk politiek moet vermy en slegs met 'geestelike' sake besig moet wees, maar dan juis ook vanuit hierdie stelling die betoning van doodgewone naasteliefde verpolitiseer en so 'n stelling slegs gebruik as 'n rookskerm om lidmate se kleurvoordele te verbloem (aldus Schutte).

Daarteenoor wy hy slegs een kort paragrafie aan die bedreiging van 'n eensydig sosiaal-gerigte evangelie, en dan sonder 'n enkele woord van kritiek van hoe kerke (en in Suid-Afrika dan dikwels kerke waarin Gekleurdes die leiding neem) die begrip van naasteliefde misbruik in diens van sosiale, politieke en ideologiese ideale. Dit is opmerklik dat so 'n aktuele saak vir die Suid-Afrikaanse situasie geen aandag kry nie.

In die lig van die baie duidelike kritiek wat hy na die een kant (die Wit Afrikaanse kerke) uitspreek om die begrip van naasteliefde tuis te bring, sou dit niks anders as logies en gebalanseerd wees om ook helder kritiek uit te spreek oor ander misvattinge oor die begrip naasteliefde nie.

Tweedens, wanneer hy oor die naasteliefde en gemeenskap van die gelowiges praat, dan redeneer hy vanuit die eis van naasteliefde tot die

eis van kerkeenheid. Sy argument rondom kerkeenheid en naasteliefde word opgebou vanuit die emosionele, simplisistiese en oorvereenvoudigde stelling dat die verskeurdheid van Christus se kerk sonde is. So 'n stelling is in elk geval ook op 'n taamlik oppervlakkige sondebegrip gebou. Omdat hy 'n sekere vooringenome stelling oor kerkeenheid wou maak, laat verlei hy hom op hierdie manier om die saak van naasteliefde as 'n aanhaakplek vir sy stellings oor kerkeenheid te gebruik. Hy kon dieselfde saak op 'n baie meer oortuigende en minder simplisistiese en oppervlakkige wyse gestel het as hy met dieselfde balans en nou gebondenheid aan die Bybelse eis van en riglyn vir naasteliefde vasgehou het as in die res van die studiestuk.

Schutte bring in die afdeling oor naasteliefde en die samelewing die saak ter sprake van hoe Christelike naasteliefde ook inwerk op en deurwerk na die samelewingstrukture en denkpatrone. Dit bring 'n mens opnuut onder die indruk van watter omvattende dimensie daar aan naasteliefde is.

In der waarheid is die aard van die onderwerp en die wyse waarop die skrywer dit in hierdie studiestuk aanbied, sodanig dat dit 'n mens tot nadenke stem en 'n mens duidelik laat hoor hoe die eis tot Christelike naasteliefde in 'n mens se persoonlike, sosiale en kerklike lewe spreek. Die waarde van die studiestuk lê dan veral hierin; meer as in teologiese diepgang. Dit is 'n studiestuk wat die moeite werd is om te lees. Die taal en aanbieding is sodanig dat dit toeganklik is vir teoloog en nie-teoloog. Die feit dat dit in brosjure vorm is, sal die prys, wat onbekend is, sodanig maak dat dit die moeite werd is om aan te skaf.

---

**De Villiers PGR, 1987 – Leviatan aan 'n lintjie: Woord en wêreld van die sieners**

Pretoria: Serva-Uitgewers, 205 bladsye. Prys onbekend.

**Resensent: Prof HG vd Westhuizen**

Die boek het 'n stewige harde buiteblad met 'n glans afdruk van 'n siener in aksie. Die titel is ontleen aan 'n versreël uit Sheila Cussons se gedig: *Die gesig*. Vir 'n oomblik staan jy met hierdie boek in jou hand en wonder of dié glans, titel, hardeband en duursaamheid weer 'n ver-

bloeming van 'n goedkoop gekarring oor die apokalipse van die Bybel gaan wees? Maar drie dinge laat hierdie gedagte gou-gou verdwyn. Eerstens die gesoute skrywer. Hy is 'n erkende akademikus. Hy is die CB Powell-professor in Bybelwetenskap aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Suid-Afrika. Die tweede faktor wat die gedagte aan goedkoopheid onmiddellik verder verdryf, is 'n oorsig oor die inhoudsopgawe. Sewe hoofstukke (sewe is so belangrik in die apokaliptiek!) met 'n agste as samevatting. Die inhoudsopgawe het by elke hoofstuk ook onderafdelings. Ek noem hier net die sewe hoofopskrifte:

- Apokalipse en die toekoms
- Apokalipse, apokaliptiek en apokaliptisisme
- Die aard van apokalipse
- Die vorm van apokalipse
- Inhoud van apokalipse
- Apokalipse en die politiek
- Joodse en Christelike apokalipse

Die derde en belangrikste faktor wat die gedagte aan goedkoopheid finaal die nek inslaan, is die inhoud self. Dit is uit wetenskaplike oogpunt verreweg die beste algemene oorsig oor die apokalipse wat in Afrikaans gelees kan word. 'n Mens is die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing dankbaar dat hulle die skrywer in staat gestel het om twee keer oorsese konferensies oor die onderwerp toe te spreek, asook om hierdie publikasie te laat verskyn.

Verdere opmerkings deel ek nou onder die volgende hoofde in:

## 1. INTERESSANTHEDE

Behalwe vakkundiges is daar seker min wat weet dat die beroemde fisikus, Isaac Newton, in 1733 'n boek geskryf het oor die Bybelse apokaliptiek (bl 7)!

Die geweldige omvang van denominasies wat geskoei is op die foutiewe hantering van die apokalipse word aan die orde gestel (bv bl 9).

Luther se aanvanklike houding oor die Openbaringboek was: Gooi die drome in die Elbe (bl 16).

## 2. INHOUDELIK

Die verskillende metodes van uitleg van 'n apokalips word insiggewend bespreek: Die kerkhistoriese metode (bl 13), die kontekshisto-

riese metode (bl 14), die eindhistoriese metode (bl 14) en die godsdienshistoriese metode (bl 14/15).

Deur 'n volledige definisie van 'apokalips' te gee en omskrywend te bespreek, verbreed die kennis en insig van die leser oor dié bepaalde literatuursoort (bv bl ?9).

Baie interessant en belangrik vir 'n leser van 'n apokalips is dat apokaliptiese taal nie soseer 'n geheime taal is nie, maar 'n krisistaal (bl 85), diepsinnige taal (bl 86), ekstreme taal (bl 86) en 'n distansietaal (bl 186).

Belangrik is die verskil tussen apokalipse soos 4 Esra en Daniël wat sê dit moet verseël en geheim gehou word (bv Dan 8: 26) en Openbaring 22: 10 wat sê: Openbaar (bl 94). Die standpunt dat Openbaring wel nog doelbewus geheime verborge wil hou (bv rondom Op 10: 1–4), is ook 'n punt waarmee verskil kan word (bl 95) (vgl Van der Westhuizen, HG, 1986, *Nou en ewig*. Pretoria: Kital).

'n Groot wins van hierdie geskrif is die bespreking van die vernaamste kenmerke van apokalipse soos byvoorbeeld die klem op die eindtyd en veral die dag van oordeel (bv bl 93–130).

Myns insiens lê die hoogtepunt van hierdie boek rondom bladsy 111–114. Die adventistiese groepe van vandag glo dat hulle voorspellings van die wederkoms nie op die gegewe datums bewaarheid word nie omdat die wet (bv oor die Sabbat) nie gehou is nie. Die Jodedom het tydens die Babiloniese ballingskap in hulle studie op die wet gefokus omdat die gevoel was dat die ballingskap 'n ramp vanweë wetsontrouheid is. Hierdie wet-teologie gee geboorte aan die Talmoed en ampte soos dié van die Fariseërs. Die apokalips-teologie is 'n (verbondsmatige?) reaksie op bogenoemde wet-teologie. Met fyn aanvoeling sê die apokalips-teologie dat die krisis van die volk van die Here wel bestaan vanweë die mense se totale onvermoë met sy wettiese **dade** en dat **kennis** van die wesenlike in die geskiedenis en die koms van die einddrama, verlossing inhou. Apokalipse is 'geskiedenisfilosofie' (vgl bl 121). Daarom stem ek grootliks saam met die skrywer, en ander skrywers, dat Openbaring ook wysheidliteratuur is (bl 113).

Die vroomheid en sterk etiese bewussyn van die apokalipse sluit dus inderdaad veel meer in as blote gehoorsaamheid aan die wet (bl 112). 'Die verlossing sal nie deur die optrede van mense kom of in menslike instellings gevind word nie' (bl 116). Die apokalips-teologie staan téénoor moderne teologieë soos die samelewingsteologieë (Swart Teologie, Teologie van Bevryding, Teologie van Revolusie). Omdat dít die diep teologiese agtergrond ook van Jesus se prediking is, kan inderdaad

gesê word dat Jesus tuis is in en optree teen apokaliptiese agtergrond. Dáárom is insig in die apokalipse so nodig en die lees van hierdie boek so noodsaaklik. Dit verklaar ook die ontstaan van my reeds vermelde *Nou en ewig*.

Die bespreking van die verskillende Joodse en Christelike apokalipse (bl 140–180) is in lyn met en 'n goeie bydrae tot die groot projekte wat daar vandag oor die apokalipse aan die gang is. Dit is verblydend.

## 3. OPENBARING

Daar word aangedui dat hierdie Bybelboek 'n sleutelrol in die ontstaan van die Reformasie gespeel het, maar daarna het dit weinig tot sy reg gekom (bl 16).

Wat veral waardeer moet word, is die volgende standpunt van die skrywer: 'Daar moet altyd die openheid wees om elke apokalips op sy eie te beoordeel . . .' (bl 28). Dit is presies my standpunt in *Nou en ewig* op bladsy 2 en 3 en dikwels onuitgesproke in die res van dié preekbundel oor Openbaring.

Ten opsigte van die skrywer se standpunt oor die bestaan van 'n denksisteem, die openbaringsdenke, wat die vroeë Christene sou gehad het, kan hartlik saamgestem word (bl 34).

Die vanselfsprekende uitgangspunt dat die Romeinse Ryk en die Hellenistiese kultuur die enigste verklarende konteks van Openbaring moet wees (bv bl 14, 34, 35, 68, 84, 137–139, 176, 186, 187, 188), poneer 'n standpunt waarvan verskil word.

Die intieme liefde van die Christendom vir die Jodedom wat dan die oorsaak sou wees van die bewaring van Joodse apokalipse deur die kerk, is myns insiens 'n té hipoteties aanname wat nie so stellig gemaak kan word soos byvoorbeeld op bladsy 173, 175, 176, 188, 189 nie.

Oor die afwykende vorme van Openbaring soos dat dit 'n boek is (hfst 1: 11), profesie is (hfst 1: 3), briewe is (eerste drie hfste), dat dit as 't ware 'n 'herderlike skrywe' aan die gemeentes is (vgl bl 69, 70), stem ons met die skrywer saam. By noukeurige nagaan van die inhoud van Openbaring meen ek dat nog heelwat verdere afwyking van die egte apokalips aangetoon kan word. Die stelling 'origens pas die meestervorm van die genre goed op dié boek' (bl 70), kan dus 'n bietjie gedebatteer word.

In verband met die uitleg van Openbaring, is dit myns insiens onder andere belangrik om te onthou: Die Joodse en Joodse vervolgingskonteks, die Ou-Testamentiese agtergrond, die Nuwe-Testamentiese geskrifte se ontstaansagtergrond, die *vaticinia ex eventu*-uitgangspunt van

die apokalips-skrywer, dat dié apokalips evangelie, psalms, tora, profesie, handelinge van die Heilige Gees en briewe in *vademecum* van die hele Bybel is. Die skrywer het min, indien enige, aandag aan hierdie siening gegee. Openbaring is veel, veel meer en anders as oudheidse mantiek of voorspelling aan die hand van drome, tekens, orakels en selfs sterre (vgl bl 166).

Hoewel daar dikwels na Openbaring, en ook na Daniël, die twee Bybelse apokalipse, verwys is, kon die bespreking daarvan afsonderlik 'n bietjie meer uitgebreid gewees het. Die bespreking van Daniël is uitstekend (bl 164–170). Maar Openbaring se volledige selfstandige bespreking beslaan minder as 'n halwe bladsy (bl 176)!

Daar is so baie besondere karaktertrekke in Openbaring wat dringend om navorsing vra. Van Daniël word gesê dat dit soos die Henog-tradisie 'n sterk polemiese trek het (bl 169). Openbaring is byvoorbeeld ook sterk polemies om by wyse van *apologia* of verdediging die Christelike godsdiens te handhaaf.

Wat ek werklik dik kan onderstreep, en my aangehaalde werk oor Openbaring betuig dit juis, is die volgende stelling: 'Die wyse waarop die skrywer van Openbaring die toekoms uitgewerk het, moet op 'n verantwoordelike wyse vir ons tyd uitgelê word. Dit mag nie tot wêreldontvlugting of tot wilde fantasieë lei nie' (bl 187).

## 4. VASSTAANDE SIMBOLE

Dit is waar dat simbole dikwels in spesifieke apokalipse 'n besondere betekenis het. 'Simbole is by uitstek daarop toegespits om die leser te betrek by 'n kreatiewe spel ... Simbole is oop, hulle besit 'n onbepaaldheid wat betekenis oproep eerder as om dit af te grens' (bl 87). Daarom moet simbole nie met 'n perske vergelyk word waar jy in die simbooluitleg na die harde kern binne soek nie, maar met 'n ui wat verskillende lae van betekenisse het (bl 87). Simbole is soms ook nie geleë in detail-beelde nie, maar dan eerder in die saamgestelde beeld. 'Dit is dikwels gewoon fisiek onmoontlik om 'n visuele voorstelling te maak van byvoorbeeld al die horings, koppe en oë wat diere in apokalipse het' (bl 78). Tog is dit jammer dat die skrywer nie meer voorbeelde van die algemene betekenisse van min of meer vasstaande en algemeen voorkomende beelde gegee het nie. Hy het wel na syfers verwys en 'n kort bespreking van gematria gegee waar die syferwaarde van letters van die alfabet 'n soort geheimskrif is (bl 5, 86). Verder wys hy daarop dat die see baie keer die plek van onheil aandui, terwyl wolke op God

se teenwoordigheid dui (bl 80). Drie en 'n halwe blyk simbool van slegte tye te wees (bl 103). In 1 Makkabeërs in die Apokalips van Diere kry ons onder andere die volgende beelde: 'Adam is 'n wit bul, Kaïn en Abel is swart en rooi kalwers. Abraham en Isak is ook wit bulle ... Met die voorstelling van Jakob as 'n skaap teenoor sy voorouers wat bulle en kalwers is, word 'n kenmerkende apokaliptiese tegniek aangewend. Daardeur word 'n progressiewe agteruitgang in die geskiedenis uitgebeeld' (bl 162). 'Teenoor die positiewe skildering van die mak diere (Israel), staan die negatiewe vertelling van die wrede roofdiere (opponente van Israel as roofvoëls). Die aangrypende is dat die volk aan die einde van die tyd weer bulle in plaas van skape genoem word – die eindtyd se heerlikheid herinner aan die heerlikheid wat daar aan die begin, tydens die aartsvadertyd was' (bl 163). Hiermee vertoon Openbaring natuurlik ooreenkoms. Myns insiens, soos ook telkens in *Nou en ewig* beklemtoon, is die toekomsperspektief van Openbaring driedimensioneel: Herstel van die oertyd (paradystuin) + geskiedenis (paradysstad, die nuwe Jerusalem, waar volke vryelik in- en uitgaan) + voleinding (die verheerliking van alles deur die Heilige Gees op grond van Jesus Christus se optrede).

In die Herder van Hermas kry ons byvoorbeeld die volgende simboolbetekenisse: 'Die swart is die wêreld waarin julle leef. Die kleur van vuur en bloed beteken dat hierdie wêreld deur vuur en bloed vernietig word. Die goud deel is julle wat van hierdie wêreld gevlug het, want net soos goud deur die vuur getoets word en waardevol raak, so sal julle getoets word' (bl 178).

## 5. TAALKUNDIG

Die volgende sinne toon die skrywer se taalsuinigheid: '... dat navorsers verby mekaar sal praat ...' vir: dat navorsers by mekaar sal verby praat... (bl 24).

Die foutiewe word verder eerste en die korrekte tweede genoem.

**oftewel** vir **ofte wel** (bl 3)
**gedistansiëer** vir **gedistansieer** (bl 12)
**hak** vir **haak** (bl 12)
**monnikke** vir **monnike** (bl 13 2X)
**apokaipse** vir **apokalipse** (bl 16)
**banadering** vir **benadering** (bl 27)
**kompromiteerders** vir **kompromitteerders** (bl 39)

**kwaling** vir **kwelling** (bl 96)
óf ... óf vir òf ... òf (bl 112)
**Som mige** vir **Som-mige** (bl 114)
**besin-nning** vir **besin-ning** (bl 114)
**hlle** vir **hulle** (bl 115)
**koninkryk** vir **koninkryk** (bl 117)
**in God se wil** vir **God se wil** (bl 122)
**er bo** vir **Hier bo** (bl 137)
**trubuut** vir **tribuut** (bl 137)
**Katolieke Kerk** vir **Rooms Katolieke Kerk** (bl 143)
**agtingswaardig** 3X vir **agtenswaardig** (bl 146)
**uitdagings wat aan gestel is** vir: 'n beter formulering van hierdie hele sin word vereis (bl 169)
**Sentraal aan die boek** vir **sentraal in die boek** (bl 178)
**Skope horings** vir **skape se horings** (bl 161)

Dit is jammer dat die afkortingsisteem van die Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel nie vryelik gebruik is nie, byvoorbeeld:

**Mk** vir **Mark** (bl 30, 81 2X)
**Ex** vir **Eks** (bl 181)
**Markus** vir **Mark** (bl 105 tussen hakies)

## 6. BLADSYEVERWARRING EN ANDER PROBLEME

'n Mens kan byna sê daar is 'n apokaliptiese verwarring van bladsye! Bladsy 153 volg ná bladsy 172. Ná bladsy 156 volg bladsy 177. Bladsy 152 tot 172 volg ná bladsy 176 ensovoorts! Dit is in die eksemplaar wat tot my beskikking gestel is.

Op bladsy 179 word gestel dat die Apokalips van die heilige Johannes, die teoloog, in die eerste eeu na Christus geskryf is omdat dit 'van Openbaring afhanklik is en dus eers daarna kon ontstaan het'. Bedoel die skrywer hier miskien die tweede eeu na Christus?

## 7. ALGEMEEN

Daar is so baie interessante apokalipse wat ons behoort te lees – maar dit is nie alles in 'n bundel vir die Afrikaanse leser beskikbaar nie. Die skrywer sê op bladsy 184: 'Hierdie tabel (van apokalipse) laat 'n mens weer eens verbaas staan dat manuskripte wat ons vandag as vanselfsprekend beskou, so kort gelede eers 'ontdek' is en vir die Bybelleser

toeganklik geword het'. Hierop sê ek: Nee! Dit het vir die Bybelnavorser toeganklik geword maar nog nie algemeen vir die gewone Bybelleser nie.

Mag die voortgesette apokalipsnavorsing werklik vir die kerk al meer waarde inhou. Hierdie boek is 'n goeie Afrikaanse wegspringbaken.

---

**Theological Convention of the Confessing Fellowships in Germany, 1987 – Violence in Christ's name?**

Tübingen: Theologischer Konvent. 29 bladsye. Prys gratis/donasies.

**Resensent: Prof HG v d Westhuizen**

## INLEIDING

Indien 'n boekie uitdruklik en vanweë sy opset bedoel is om deur almal in 'n sekere teikengebied gelees te word, dan moet dit daar gelees word. Hierdie boekie is só bedoel om deur alle Christene in Suid-Afrika gelees te word. Dit is net vir ons bedoel. En dit is goed bedoel. Eintlik is dit uniek. Dit is 'n herderlike skrywe aan ons deur belydende Christene in Duitsland. Omdat dit 'n objektiewe poging is verdien dit elkeen van ons se aandag. Hulle het dit ook werklikwaar in Afrikaans vir ons geskryf. Nogal die jongste Afrikaanse vertaling van die Bybel in die teksverwysings gebruik. Die kort briefie beslaan maar vyf bladsye. Die res van die boekie bestaan uit 'n herhaling van dieselfde briefie in Engels, Zulu, Sotho en Duits. Dit is dus werklik vir alle Christene in Suid-Afrika bedoel.

## OPSTELLERS

Die opstellers van die brief is lede van die Teologiese Konvent van Belydende Gemeenskappe in Duitsland. Hierdie organisasie is in 1969 opgerig. Dit het reeds verskeie belangwekkende publikasies die lig laat sien, soos byvoorbeeld die teologies verantwoorde *Frankfurt Declaration on the Fundamental Crisis of Mission.*

Die skrywers van hierdie brief is dr Joachim Heubach, hoof van 'n Lutherse kerk in Wes-Duitsland, dr Walter Künneth, 'n dogmatikus wat reeds in Hitler se tyd die Nazi-ideologie aan die kaak gestel het. Die

derde persoon wat ook die president van die Konvent is, is aan ons in Suid-Afrika goed bekend, dr Peter Beyerhaus. Hy was nie alleen 'n sendeling in Suid-Afrika van die Berlynse Sending van 1957 tot 1965 nie, maar ook dosent en rektor van die Lutherse Teologiese Seminarie in Natal. Sy laaste besoek aan Suid-Afrika was in September 1986.

Die situasie van ons volke en die kerk in Suid-Afrika het die Frankfurt konferensie van Maart 1987 tot egte ekumeniese bewoënheid gebring.

Hulle besinning oor: Ons Christelike verantwoordelikheid in die Suid-Afrikaanse konflik, het drie ope briewe tot resultaat gehad. Die eerste een is hierdie een aan Suid-Afrika. Die tweede is gerig aan Duitse kerkleiers. Die derde is oorhandig aan nuusagentskappe.

Omdat hierdie mense ons Christelik gesind is, omdat hulle in die buiteland ons situasie objektief wil stel en omdat hulle graag van ons responsie op hulle brief wil hê, vra ons nou aandag vir die inhoud van hulle brief.

## INHOUD

Die aanhef wil ek graag volledig gee: 'Liewe broers en susters, ons groet u hartlik in die naam van onse Heer en Heiland, Jesus Christus!'

Hierna volg 'n bekendstelling van wie die skrywers is. Dan word meelewing met ons spanning, vrees en lyding in die moeilike politieke en sosiale konflik betuig, en voorbidding verseker.

Die Afrikaner Weerstandsbeweging kom vervolgens aan die beurt. Hier blyk die Frankfurters wel effens onder 'n misverstand te verkeer. Hulle sê '(die AWB) wat bereid is om dit (die bestaande apartheidstelsel) sonder kompromie en selfs deur middel van brutale metodes te verdedig en alle hervorming te verhinder ....' Die Afrikaner Weer standsbeweging sou self kon sê of hulle alle hervorming wil verhinder en of hulle dalk 'n radikale hervorming bepleit.

Vervolgens kom veral die swart organisasies wat 'n gewelddadige omverwerping van ons staatsbestel soek, aan die beurt. Veral die sogenaamde Kairos-dokument word veroordeel as sonder die gees van die Bybelse evangelie. Die Kairos-dokument word verder vergelyk met die Duitse Christene van vyftig jaar gelede wat 'ook destyds van 'n Godgegewe kairos vir ons volk gepraat het, en ons Kerk en die magsoorname van Adolf Hitler daaraan verbind het.' Ons het hier 'n interessante vergelyking!

Op grond van hierdie ervaring van die Duitsers word 'n beroep op Suid-Afrika gedoen: '... moenie luister na die stem van diegene wat in die naam van 'n sogenaamde "profetiese" of "kontekstuele teologie" hierdie evangelie met 'n skynchristelike politieke ideologie wil vermeng nie.'

'n Beroep word gedoen op die verskillende kerke in ons land om 'n binnelandse ekumene, dialoog oor kerkgrense heen, aan te moedig. Veral omdat hulle van mening is dat daar in Suid-Afrika 'n geestelike muur van skeiding is 'van diepgewortelde wedersydse vooroordeel, selfverheffing, vrees en haat ...'

Vervolgens wys hulle op die uitweg – 'as lede van die liggaam van Christus, wat met God versoen is, het ons gemeenskap met Hom en ook met mekaar, ten spyte van ons verskillende rasse, klasse en kulture'.

Veral die perspektief van die Christelike hoop wat anderkant hierdie bedeling geanker is, is suiwer Bybels en 'n rariteit in die ekumeniese teologie van ons dag.

Tot die verkondiging van hierdie hoop word almal dan ook opgeroep: 'U, die lewende lede van die liggaam van Jesus Christus, is die enigstes wat aan u landgenote 'n ware onfeilbare hoop kan verkondig ... Daartoe wil ons u, liewe broers en susters, bemoedig, en in hierdie gesindheid wil ons vir u bid ....'

Voordat in dieselfde vriendelike gees gegroet word, bied die Duitsers 'n kragtige vertroosting aan. Dit kan alleen verstaan word indien ons onthou dat hierdie brief ook in Zulu en Sotho geskryf is: 'Luister na hierdie woord (2 Kor 5: 19,20) as riglyn en troos van die Heilige Skrif. Ons weet dat julle julleself tans in 'n toestand bevind wat van verskeie kante deur fanatieke haat bepaal word.Gevolglik mag sommige van julle, inderdaad miskien die hele gelowige gemeenskap wat trou bly aan die Here en sy evangelie, vervolg word omdat julle versoening in plaas van rassehaat verkondig'. Met die oproep uit Openbaring 3: 10 word afgesluit: 'Omdat julle aan die boodskap van my volharding en lyding vasgehou het, sal Ek julle ook vashou in die tyd van beproewing ... Ek kom gou. Hou vas wat julle het, sodat niemand julle kroon wegneem nie!'

## RAAD VIR EKUMENIESE SAKE

Die vraag is of ons Kerk se Raad vir ekumeniese sake nie van hierdie aangeleentheid ook 'n geleentheid moet maak nie?

**Coetzee, CFC 1986 – Die werk van die Heilige Gees in die teologiese denke van Andrew Murray.**

Potchefstroom: PU vir CHO . 256 bladsye. Prys onbekend

**Resensent: Prof HG van der Westhuizen**

Die skrywer het sy doktorale proefskrif waarvan sy vader 'n promotor was, verwerk vir hierdie publikasie. Aangesien die proefskrif al meer as sewe jaar gelede afgehandel is, verklaar dit deels waarom sommige aktuele publikasies van die jongste tyd nie in dié publikasie gereflekteer word nie.

Aangesien Andrew Murray so 'n groot invloed uitgeoefen het, interesseer die beoordeling van sy denke oor die werk van die Heilige Gees 'n mens. Dat daar in 1979 'n Andrew Murray-prys vir teologiese en algemeen-goedsdienstige publikasies in Afrikaans ingestel is, is te verstane as 'n mens besef dat Murray ses maal moderator in die Nederduitse Gereformeerde Kerk was, vir etlike jare redakteur van *Die Kerkbode*, ongeveer twee honderd en vyftig geskrifte gepubliseer het (sy *Versamelde Werke* beslaan tien boekdele), en dat sy geskrifte in meer tale vertaal is as dié van enige ander Suid-Afrikaanse skrywer. Hy is nie alleen 'n kerkvader van die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie, maar hy word ook deur die Pentakostalistiese kerkgenootskappe as 'n kerkvader beskou. Sommige plaas hom wat sy geestelike invloed betref, gelyk met Augustinus (bl 5)!

In hoofstuk 1 word onder andere doel, studieveld, metode en werkplan uiteengesit. Vir die gewone leser kon dit maar gebly het. In hoofstuk 2 word historiese agtergrond en familieverwantskappe gegee. Andrew se vader was die eerste Andrew in Suid-Afrika. Hy was sedert sy aankoms uit Skotland in 1821 tot met sy dood predikant op Graaff-Reinet. Hier is die onderhawige Andrew op 9 Mei 1828 gebore.

In hoofstuk 3 word aandag gegee aan die verhouding van Woord en Gees by Murray. Die skrywer het waardering vir Murray omdat hy die allernouste verband tussen Skrifgeworde en vleesgeworde Woord handhaaf. Murray se standpunt oor die verhouding Woord en Gees skemer as baie interessant deur. Die skrywer is blykbaar egter te bevooroordeeld en daarom kry ek die gevoel dat Murray dikwels nie korrek geïnterpreteer word nie. Sou Murray korrek geïnterpreteer wees, sal met die skrywer se standpunt saamgestem moet word. Ongelukkig word telkens byna meer aandag gegee aan wat Calvyn en andere gesê het, as wat Murray self oor die onderwerp gesê het.

Hoofstuk 4 gee aandag aan die Heilige Gees en Christus. Hier oefen Coetzee saam met Anderssen kritiek uit teen Murray se twee natureleer oor Christus. Ook in hierdie hoofstuk word 'n mens daarvan oortuig dat jy Murray wel uit Reformatoriese oogpunt dikwels kan kritiseer. Nogtans staan die feit vas dat hy 'n fyn denker in die teologie was. Baie van sy lesers, selfs van sy navorsers vandag, interpreteer hom nie regverdig nie.

Die onderwerp Pinkster kom in hoofstuk 5 aan die beurt. Die plek en betekenis van Pinkster, ook in verband met die verbond, is lesenswaardig. Murray, wat in Engels en Nederlands geskryf het, het altyd 'n versigtige en subtiele woordkeuse – 'n kenmerk van 'n goeie skrywer. Hy sê byvoorbeeld: 'Wij weten hoe de uitstorting des Geestes op de uitstorting des bloeds gevolgd is' (bl 122) Verder: 'Let the Church return to Pentecost, and Pentecost will return to her' (bl 127).

'n Mens is dankbaar dat Coetzee die besondere opvattings van Murray byvoorbeeld oor gebed, wag op die Heilige Gees, die uitstorting van die Heilige Gees 'soos reent wat weer en weer val en soos die wind wat weer en weer waai', en so meer, so duidelik samevattend vir die leser aanbied. Weer eens is dit net lastig dat Coetzee baie onselfstandig steeds terugval op wat Calvyn, Floor, Bavinck, Buys, Grosheide en Anderssen sê – as kritiek op Murray. Hy kon 'n bietjie meer self grondvlakwerk gedoen het.

Wanneer in hoofstuk 6 en 7 oor die Gees en die gelowige gehandel word, kom Murray se ryke woordkeuse weer na vore. Hy onderskei tussen die inwerking en inwoning van die Heilige Gees. Coetzee wys veral in hierdie hoofstuk sterk op Murray se Arminiaanse bekeringsbeskouing. In Coetzee se kritiek oor Murray in verband met die herhaalde uitstorting van die Heilige Gees (bl 177–182), vind 'n mens die opmerklike deurlopende feit dat Hervormdes se geskrifte nooit, maar dan ook nóóit, geraadpleeg word nie. Die pragtige proefskrif van wyle prof SPJJ van Rensburg aan die Universiteit van Pretoria, en die heldere uiteensetting van professor BJ Engelbrecht in sy boek *(God die Heilige Gees,* 1980) van juis die onderhawige sake, is blykbaar nie van 'gereformeerde skrywers' nie! Solank daar in ons land geen akademiesteologiese gesprek eers gevoer wil word nie, sal die moontlikheid van 'n kerklike eenheidsgesprek maar skraal bly.

In hoofstuk 8 kom die werk van die gelowige by Murray onder die loep. Weer eens val Coetzee sterk terug op Anderssen om korrek aan te toon dat Murray Arminiaans is en dat die sentrale tema van Murray is 'dat Christus mens moes word om dit vir die mens moontlik te maak

om sy uiteindelike bestemming van 'Godegelijkheid' te bereik' (bl 201). Nêrens gaan Coetzee daar enigsins of volledig in op die feit dat Murray in hierdie opsig 'n inkarnasieteologie beoefen het nie.

Murray is lief om sisteemdwang toe te pas. Soms is sy sitemiese denke baie aantreklik en altyd interessant. Sy vergelyking van die verskillende klasse Christene met die verskillende afdelings van die tempel is 'n voorbeeld hiervan. Ook sy trigotomistiese verdeling van die mens maak Murray se antropologie eenvoudig. Die hoof verteenwoordig die Allerheiligste van die tempel en dit is waar die Gees (=gees?) woon. Die hartgedeelte van die mens verteenwoordig die Heilige afdeling waar die siel gesetel is. Die onderlyf verteenwoordig waarskynlik die Voorhof van die tempel, die tipiese liggaamlike van die mens (vgl bl 207).

Coetzee dui op bladsy 211 aan dat reeds SJ du Toit daarop gewys het dat Murray se denke oor die sending en sy invloed op die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sending, die oorsaak was dat hierdie Kerk se sending beheers is deur die Remonstrantse dwaling.

Die slot word in hoofstuk 9 aangebied. Ook in hierdie hoofstuk gee Coetzee grootliks 'n opsomming van Anderssen oor Murray se mistiek, metodisme, pentekostalisme, Arminianisme en so meer. Coetzee vat saam:

'Die enigste werklik korrekte afleiding wat gemaak kan word, is dat Murray, wat sy denke oor die werk van die Heilige Gees betref, nie gereformeerd is nie.' Voordat die duidelike metodistiese en pentekostalistiese dwalinge in die denke van Murray nie erken word nie, kan daar van werklike reformasie in die kerklike kringe waar sy invloed steeds kragtig deurwerk weinig teregkom' (bl 228). 'n Mens wonder of Coetzee hier ook die Nederduitse Gereformeerde Kerk duidelik in die bedoeling het?

## Misverstande oor Murray

Ek kry soms die gevoel dat die skrywer darem te maklik negatief oor Murray is. Op bladsy 19 sê die skrywer van Du Plessis dat hy Murray se opvatting verkeerdelik as 'Christelike grootmoedigheid' beskryf. Op bladsy 15 sê die skrywer egter self: 'Dit is ook bekend dat Murray 'n simpatieke en grootmoedige gesindheid teenoor die Gereformeerde Kerk geopenbaar het ....' Uit baie ander dinge blyk dat Murray inderdaad grootmoedig van gees was.

Op bladsy 230 sê Coetzee: 'Van die sogenaamde "Doppers" in

Suid-Afrika het hy verklaar dat sy taal vir hulle vreemd was'. So dikwels het ek die gevoel gekry dat ook Coetzee die taal van Murray misverstaan het. Die Babiloniese spraakverwarring het ver en wye implikasies!

Murray het nogal die Heidelbergse Kategismus in ernstige oënskou geneem, uitgelê en aan die hand daarvan verkondig. Nogtans sê Coetzee: 'Die uiteindelike verklaring vir Murray se beskouinge moet gesoek word in sy indifferentisme ten opsigte van die gereformeerde belydenis. Formeel het hy dit onderskryf en aanvaar. Maar daarby het dit gebly' (bl 230).

## Spel-, druk- en ander foute

Versoring vir versorging (bl i), 1959 vir 1859 (bl 15) oftewel vir ofte wel (bl 22), vandie vir van die (bl 24), essenteal vir essential (bl 29), kandel vir kansel (bl 32), nogen vir mogen (bl 33), waarlikj vir waarlijk, deur dat vir deurdat (bl 48), gees vir Gees (bl 56), meer vir neer (bl 58), of te wel vir ofte wel (bl 70), inmegings vir ingewings (bl 70), oftewel vir ofte wel (bl 75), waneer vir wanneer (bl 76), Gorsheide vir Grosheide (bl 86), Sy vir sy (bl 87), Murry (2x) vir Murray (bl 89). Ghristus vir Christus (bl 94), oftewel vir ofte wel (bl 95), Spiirit vir Spirit (bl 109), of vir or (bl 112), op reg vir opreg (bl 118), koningkryk vir koninkryk (bl 142), op bladsy 149 kort die hakie by die eerste verwysing, fulful vir fulfil (bl 152), Korinthe vir Korinte (bl 175), vandie vir van die (bl 186), oftewel vir ofte wel (bl 189), moet vir met (bl 203), trichotomisme (bl 209) waar andersins meestal die ch met g vervang is, opvating vir opvatting (bl 209), om vir on (bl 216), bylydenis vir belydenis (bl 228), weereens vir weer eens (bl 230) en so meer.

## Algemene opmerkings

Normale verwysings is in die liggaam van die skryfwerk opgeneem wat vanweë die frekwensie tog hinderlik is, maar wat voetnote redelik beperk het.

Die baie en lang stukke aanhalings (vgl bv bl 163–173) word verdedig met die wetenskaplike beginsel van objektiwiteit wat as noodsaaklik geag is omdat Murray so verskillend geïnterpreteer word – as Calvinis, Metodis en Pentekostalis!

BJK Anderssen het in 1979 'n proefskrif by die Universiteit van Stellenbosch ingehandig oor 'n kritiese ontleding van die Soteriologiese

Teologie van Andrew Murray. Coetzee leun so swaar op hierdie proefskrif dat die indruk wil ontstaan dat hy sonder Anderssen veel meer selfstandige arbeid sou moes verrig.

Veral Hervormdes wat weinig van Murray weet, sal goed doen om hierdie boek as 'n soort gekommentarieerde kortbegrippie oor Murray te lees.

---

**Van der Walt, BJ (red) 1987 – 'n Reformatoriese kommentaar op die Kairos-dokument**

Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studies (Reeks F1, No 231, 232). 61 bladsye. Prys onbekend.

**Resensent: Ds E van Eck**

Bogenoemde uitgawe van die Instituut vir Reformatoriese Studie is die resultaat van 'n dinkskrum gehou deur bogenoemde Instituut gedurende 1986. Tydens hierdie dinkskrum is 'n paar persone genader om op sekere fasette van die Kairos-dokument 'n Reformatoriese reaksie te bied. Die volgende sewe opstelle is opgeneem:

- Die Kairos-dokument: 'n Geloofwaardige antwoord word vereis: Ds AJ du Plessis.
- Die probleem van verset: Prof JH van Wyk.
- Versoening in die Kairos-dokument: Ds AJ du Plessis.
- Kritiese beskouing van die Kairos-dokument se Skrifgebruik: Mnr JH Botha.
- Kerk en owerheid in die Kairos-dokument: Ds T Eloff.
- Samelewingsverandering in die Kairos-dokument: Dr J J Venter.
- Another response to the Kairos document: Ds TC Rabali.

Die eerste bydrae van Du Plessis bestaan hoofsaaklik uit 'n kort opsomming van die dokument onder die opskrifte van die vyf hoofstukke van die dokument, te wete: The moment of truth, Critique of 'state theology', Critique of 'church theology', Towards a prophetic theology en Challenge to action. Hy is van mening dat ons hier te doen het met 'n dokument wat nie sonder meer as Marixisties afgemaak kan word nie, veral weens die feit dat die dokument so 'n geweldige

oortuigingskrag in homself dra. Christene uit alle gemeenskappe behoort dus rondom die Bybel mekaar te ontmoet sodat die geskrif na werklike waarde en waarheid geoordeel kan word. Ten slotte lig hy kortliks drie besware teen die dokument uit sonder om dit breedvoerig te bespreek: die teologie van die geskrif is 'n algehele *Verdiesseitigung* (dws 'n alleen op hierdie lewe gerig) van die evangelie, die analise van die samelewing word verskraal tot die bestaan van die verdrukker en die verdrukte en die feit dat 'n bedenklike taak vir die kerk uitgespel word.

Van Wyk begin sy bydrae oor die probleem van verset in die geskrif met 'n kort uiteensetting van die teorieë wat daar oor verset bestaan, naamlik versetloosheid, geweldlose verset en gewelddadige verset. Volgens hom word dit algemeen aanvaar dat die dokument laasgenoemde soort van verset propageer. Hy oordeel egter anders. Afgesien dat die dokument op hierdie punt onduidelik is, wil dit ook lyk of dit gewelddadige verset slegs as 'n 'laaste middel', en nie as die 'enigste middel toelaatbaar' nie, beskou. Nadat hy die teologiese fundering van die dokument bevraagteken (kyk bl 13–14), bespreek hy onder die opskrif Kainos en Kairos twee sake. Die eerste is dat hy in beginsel saamstem met die noodroep van die dokument vir 'n nuwe *(kainos)* samelewing, 'n samelewing wat die tekens moet dra van die beginsels van die koninkryk van God: vryheid, geregtigheid en vrede. Tweedens is hy van mening dat hierdie nuwe samelewing slegs deur 'n nuwe metodiek teweeggebring sal kan word. 'n Calvinistiese, nóg Marxistiese, metodiek sal hier kan deug, maar wel 'n metodiek met Christus as oriënteringsfiguur. In hierdie nuwe metodiek sal rewolusionêre verandering nie deug nie, en wel om ses redes: Die teologiese fundering van gewelddadige geweld is te ondiep, die geweldprinsipe kan nie met die Woord versoen word nie, die rewolusionêre metodiek is weersinswekkend, die gevolge is onvoorsienbaar, dit werk met 'n konflik-model en druis laastens in teen die politieke proses wat tans in Suid-Afrika onderweg is. Ook evolusionêre verandering sal nie deug nie. Die enigste oplossing sal wees waar die ware kerk as die model dien.

In die derde bydrae hanteer Du Plessis die begrip versoening in die dokument. Hy stel dit dat die dokument (volgens die hersiene uitgawe van 1986) die indruk laat dat dit die mening huldig dat die kerke in Suid-Afrika pleit vir versoening en vrede, maar nie vir geregtigheid nie. Alhoewel Du Plessis dit nie self so stel nie, word dit uit sy bespreking van die onderwerp duidelik dat die Kairos-dokument hierdie standpunt handhaaf omdat die dokument geregtigheid sien

slegs vanuit 'n politieke bril. Vrede en versoening sonder die verkryging van politieke mag is geen geregtigheid nie. Tog, meen Du Plessis, maak die dokument ons oë oop vir die dringendheid van volledige versoening (as verwydering van onreg, berou en ontmoeting) in Suid-Afrika.

In 'n vierde aanbieding bied Jan Botha 'n kritiese beskouing van die Skrifgebruik van die dokument. Volgens hom is die Skrifgebruik van die dokument konfronterend, het bevryding sowel as die konkrete situasie as uitgangspunt, maak 'n (Marxistiese) sosiale analise van die samelewing en het laastens 'the people' se wense as maatstaf vir wat teologie en geregtigheid sou wees al dan nie. Hierna hanteer Botha die rol wat vooronderstellings in die interpretasie van die Skrif speel. Hy toon aan dat die opstellers noodwendig hulle vooronderstellings in die dokument laat neerslag vind het. Hiermee kan nie veel fout gevind word nie, maar wanneer die vooronderstellings in 'n ideologie ontaard, is dit nie meer aanvaarbaar nie. Laastens hanteer Botha die aspek van teks en konteks. Hy toon aan dat die dokument, veral met sy rekonstruksie van die konteks van Romeine 13: 1—7, nie sonder sy probleme is nie. Tog moet ons nog altyd bereid wees om, in die kritisering van ander teologieë, telkens weer ons oor ons eie Skrifgebruik te verantwoord.

In die vyfde bydrae hanteer Eloff die aspekte van kerk en owerheid in die dokument. Hy toon kortliks die dokument se kerkbeskouing (die kerk as verdeeld tussen wit en swart) sowel as wat die dokument as die taak van die kerk sien, aan. Na 'n evaluering van die kerk se taak volgens die geskrif, hanteer Eloff die dokument se owerheidsbeskouing, waarna hy ten slotte 'n paar opmerkings maak oor die verhouding kerk en owerheid.

In die langste bydrae hanteer Venter die samelewingsverandering(e) wat in die dokument voorgestel word. Hy toon aan dat die dokument die status quo van die huidige omstandighede in Suid-Afrika wil konfronteer. Die beginsels wat die dokument vir hierdie verandering neerlê, is egter nie-Christelik en gebaseer op 'n konflikmodel. Verdere uitgangspunte van wat die dokument as verandering sien, is dat slegs die onderdrukte die veranderingsagent kan wees, dat geregtigheid slegs as 'n groepsmonopolie kan bestaan en dat die verdrukker in Suid-Afrika in beginsel buitendien onbekeerbaar is. Voeg hierby dat die dokument vanuit 'n totalitaristiese konflikmodel redeneer, is dit duidelik dat die dokument op 'n eensydige Bybelgebruik gebaseer is. Na 'n breedvoerige bespreking van die eienskappe van 'n evolusionêre

veranderingsproses, toon Venter aan dat terme soos revolusionêr, evolusionêr, redelik en gematigd of Christelik en konserwatief vandag so wyduiteenlopend vertolk word, dat dit nie meer 'n vertrekpunt kan wees vir gesprek nie. 'n Beter begin sou daarom wees om te vra: Wie in hierdie land aanvaar dieselfde Christelike norme?

In die laaste bydrae stel TC Rabali dat die werklike verdeeldheid in Suid-Afrikaanse kerke dié is van die verskil tussen ware en valse gelowiges, en nie tussen wit en swart nie. Hy toon verder aan dat sommige kerke, wat lank apartheid teologies wou fundeer, beslis die Woord verkeerd gehanteer het. Ook beskou hy die teologie van die Engelse kerke as 'n teologie wat nie sonder probleme is nie. Waar dit aan die een kant apartheid veroordeel, daar is dit in praktyk nie werklik teen die huidige sisteem in die land gekant nie. Ook kan die profetiese teologie van die Kairos-dokument egter ook nie aanvaar word nie, veral om die feit dat dit té konteksgerig is. Sy slotsom is daarom dat alle Christene eerder moet begin vra hoe hulle God in alles kan dien. Die kerk is en mag nie 'n politieke party word nie, en daarom moet daar gepoog word om politieke partye te stig wat dit vir alle Christene moontlik kan maak om God beter te dien, of dan politieke partye wat gegrond is op Bybelse beginsels.

Die werk is goed versorg, geen spelfoute kom voor nie, en die ortografiese inrigting is goed. Die voslgende punte van kritiek kan egter genoem word: Hoewel die studiestuk poog om 'n Reformatoriese kommentaar op die Kairos-dokument te wees, maak 'n paar skrywers hulle daaraan skuldig dat hulle bydraes 'n politieke kommentaar op 'n politieke dokument word. Hierdie saak word duidelik waneer talle oplossings wat op die Kairos-dokument se standpunte gegee word, politieke oplossings is. Ook is dit jammer dat die Instituut, wat **wetenskaplike bydraes** wil lewer, dit toegelaat het dat van die sewe bydraes slegs een van literatuurverwysings voorsien is. Indien daar ook deur die skrywers gepoog is om die hersiene uitgawe van die Kairos-dokument by te werk, sou die werkie van groter waarde gewees het. Net Du Plessis en Eloff het ook met die hersiene uitgawe in hulle bydraes omgegaan. Indien die uitgawe teruggehou is om die ander respondente kans te gee om dit wel te kon doen, sou die werkie beslis meer objetkief gewees het.

Vir iemand wat in die teologie van die revolusie, en meer in die besonder in die Kairos-dokument self belangstel, bied hierdie werkie egter ook 'n hele aantal nuwe perspektiewe wat 'n heel nuwe debat oor die dokument aan die gang kan sit. 'n Opvolgstudiestuk, wat enersyds

die nuwe uitgawe van die dokument in ag neem, en andersyds dalk 'n paar replieke insluit op die onderhawige werk, sal myns insiens van groot nut wees.

---

**Taylor, MK 1987 – Paul Tillich: Theologian of the boundaries**

London: Collins. 351 bladsye. Prys R27,95

**Resensent: Prof GC Velthuysen**

Hierdie boek is die derde deel van 'n baie prysenswaardige reeks publikasies onder die titel: *The making of Modern Theology*. Die algemene redakteur van die reeks is die sistematikus van die Universiteit van Kaapstad, professor John de Gruchy en 'n paneel van internasionale deskundiges is elk verantwoordelik vir die versorging van een van die dele. Die bedoeling van die reeks is om die toonaangewende teoloë van die moderne era – hulle wat aan die teologiese denke van die twintigste eeu beslag en inhoud gegee het – in hulle eie woorde, en met kort kantaantekeninge, aan die leser bekend te stel. Elkeen van die dele van die reeks word aan één teoloog gewy en die versorger van die kantaantekeninge is telkens ook verantwoordelik vir die seleksie uit die betrokke teoloog se publikasies wat in die boekdeel opgeneem word. Ander dele van die reeks wat reeds die lig gesien het, is gewy aan Schleiermacher, Bonhoeffer en Bultmann en die deel oor Barth is in voorbereiding.

Om terug te keer na die deel wat hier ter sprake is: Tillich het baie geskryf – in 'n literatuurlys wat as addendun agter in die boek verskyn, word vyf en sestig publikasies vermeld. Om hieruit 'n sinvolle seleksie met die oog op 'n publikasie soos hierdie te maak – as die bedoeling is om die skrywer en denke bekend te stel – kan nogal 'n riskante onderneming wees. Daar kan naamlik 'n vertekende beeld van die denker geskilder word deurdat die saamsteller sy eie voorkeure en sy eie interpretasie as kriteria by die seleksie aanwend. Die uiteinde hiervan sou kon wees dat, in hierdie geval, dit nie Tillich sou wees wat aan die woord is nie, maar Tillich deur die mond van Taylor – 'n halwe Tillich dus – iemand wat misbruik sou kon word vir allerlei propagandistiese doeleindes.

*Prima facie* beoordeel, wil dit voorkom asof Taylor, bedag op hierdie

gevaar, die nodige maatreëls getref het om dit vanuit die staanspoor te vermy. Hy het dit probeer doen deur die wyse waarop hy die boek gestruktureer het. Wat die ordening van die stof betref, het hy voor verskillende moontlikhede te staan gekom. Hy kon dit naamlik tematies of kronologies doen. Hy het nie tussen die twee moontlikhede gekies nie, maar hulle gekombineer. Streng gesproke is die ordening kronologies, maar tog só dat die klem telkens geplaas word op daardie tema wat in 'n gegewe tydvlak van Tillich se ontwikkelingsgang, sentraal in sy denke was.

Die titel van die boek is alreeds veelseggend en verteenwoordig Taylor se interpretasie van Tillich. Tillich kom inderdaad in hierdie publikasie aan die lig as die teoloog van die grense. Die biografiese gegewens wat Taylor vermeld, maak dit duidelik dat Tillich se eie lewensloop heel dikwels op grense langs beweeg het, en die seleksie uit sy werk toon aan op watter wyse grenservarings 'n rol in sy teologiee denke gespeel het.

Mens kan nie anders nie as om by die lees van die boek onder die indruk te kom van die geweldige brein wat met jou kommunikeer – 'n brein wat radikaal in die situasie van die moderne mens indink en soek na woorde en begrippe en modelle aan die hand waarvan die Christelike boodskap in hierdie situasie sal kan inpraat.

Binne Afrikaans-gereformeerde kringe was en is Tillich tot 'n groot mate *persona non grata* en was daar nie veel waardering vir sy apologetiese teologie nie. Dit is waarskynlik te wyte aan sy sterk filosofiese taalgebruik en die baie lae frekwensie van Bybelaanhalings wat in sy geskrifte voorkom. Die al te vinnige en krities-naïewe uitspraak is dikwels dat hy eerder filosoof as teoloog is en dat sy beroemde (en berugte) korrelasie-metode (wat daarop neerkom dat wesenlike simbole van die Christelike tradisie met die menslike eksistensie gekorreleer word) daarvoor verantwoordelik is dat hy die teologie (en daarmee saam die geloof) aan die filosofie prysgee. Die kritiese lees van sy eie woorde, maak dit duidelik dat hierdie oordeel prematuur en eensydig is en berus op wanbegrip. Dit sal gou duidelik word dat sy poging om 'n 'nuwe' teologiese taal te vind, die resultaat was van sy worsteling om sy denke betreffende 'n 'teonomie' te artikuleer. Hy het vroeg reeds onder die indruk gekom van die onvermoë van kerk en teologie om met die breëre kultuurwêreld te kommunikeer. Hy het ingesien dat dit te wyte is aan die teologie se gebruik van die kenmerkende begrippe, simbole en metafore van die Christelike tradisie wat 'n spanning veroorsaak ten aansien van 'n kultuurmilleu wat dit alles ontoeganklik

vind. Sy analise van die breëre kultuurwerklikheid – dié waarbinne die kerk hom óók tuisvind – het hom daartoe gelei om 'n konflik tussen heteronomie en outonomie te onderskei. Sy aanspraak was dat die kerk dikwels gefouteer het deur op die kultuur 'n 'heteronomie' af te dwing – 'n stel vreemde wette en strukture wat die dinamiek en struktuur van spontane kultuurskepping teenstaan en skaad. Hy het waardering vir die wil tot 'outonomie wat in reaksie hierop na vore kom – die drif van die kultuur om homelf te wees en homself te struktureer en te handhaaf teenoor alle vervreemdende wette. Maar beide, heteronomie èn outonomie, kan die kulturele lewe vernietig en daarom het Tillich gesoek na iets wat beide transendeer – na 'n teonomie waarbinne die strukture en dinamiek van die kultuur toegelaat word om hulleself te wees, maar tog getransformeer in die religieuse belewing van die 'unconditioned'. Sy doelwit en lewenslange hartstog was die bereiking van 'n godsdienstig-kulturele situasie waar die kulturele strukture gevul en gekleur sou wees deur godsdienstige betekenis. Dit alleen maak van hom 'n teoloog waarvan kennis geneem moet word.

Saam hiermee moet sy geweldige invloed in berekening gebring word. Anders as in die Afrikaans-gereformeerde kerke, is Tillich saam met Barth en Bultmann van die invloedrykste teoloë van die twintigste eeu en die huidige teologiese debat kan nie sonder kennis van sy teologie begryp word nie.

Die opsteller van hierdie publikasie verdien ons dank vir die wyse waarop Tillich se teologie toeganklik gemaak word. Vir die wat nog nie met hom kennis gemaak het nie en graag sou wou, bied die boek 'n uitnemende bekendstelling. As dit reg gebruik word, sal dit die leser daartoe instaat stel om snder om verdwaal te raak in die geweldig omvangryke Tillichiaanse oevre, tog deeglike en grondige kennis van sy denke te verkry. Bowendien is 'n boek soos hierdie 'n baie handige en hanteerbare naslaan- en verwysingsbron; 'n plek waar daar minder gesoek hoef te word na bepaalde uitsprake. Die groot spit- en sifwerk is immers reeds gedoen – en dan is dit wat uitgesoek is, nog behoorlik en sistematies georden.

Die boek word van harte aanbeveel.

---

**Reformatoriese Perspektiewe – Venster op die Vrou**

Potchefstroom: PU vir CHO (Reeks F: Instituut vir Reformatoriese Studies) F3: Versamelwerke Nommer 31, 258 bladsye. Prys R12,00

**Resensent: Dr SM van Staden**

Ons het hier met 'n feesalbum te doen wat deur negentien persone geskryf is. Die verskeidenheid skrywers uit beide geslagte asook die verskillende onderwerpe wat deur hulle gehanteer word met as fokus die vrou, maak hierdie werk interessante leesstof.

Die bundel het na aanleiding van die Instituut vir Reformatoriese Studies se konferensie wat in 1985 plaasgevind het, ontstaan. Die verskillende hoofstukke het dus nie in isolasie verskyn nie, en die eenheid wat in die werk bereik word, is juis in die verskeidenheid wat die onderafdelings bied, geleë. 'n Nuwe 'kyk' op die vrou bied 'n nuwe perspektief deurdat 'n hele aantal skrywers (-sters) let op die aard, taak, plek en rol van vrouwees. In hierdie werk word nie die bekende sterotipe denkrigtings ten opsigte van vrou gevind nie en sowel die man as die vrou se menings behoort die leser tot nadenke te prikkel. Onderwerpe wat gedek word, is onder andere:

- Vrouebeelde – toe en nou
- Die stereotipe vrou
- Geslagtelikheid van die vrou
- Volwaardig menswees: ontwykende ideaal of reële moontlikheid
- Moet ons God as manlik voorstel? In gesprek met die feministiese teologie
- Verrassings vir die vrou uit die Ou en Nuwe Testament
- Die alleenvrou in 'n wêreld van tweesaam: die uitdaging vir die ongetroude, weduwee en geskeide vrou.
- Die vrou in die ekonomie: sy aan sy met die man
- Die regsposisie van die swart vrou: tussen tradisie en verwestering
- Die rol van die vrou as kommunikator: in gesinsverband en op sosiaal-maatskaplike gebied
- Die vrou in die versorgingsberoepe
- Bevryde manne

Hierdie is 'n boek wat betekenisvol deur enige persoon van enige van die twee geslagte gelees kan word. Die boek word ook as toerustingsmateriaal en as 'n hulpmiddel aanbeveel waar daar deur middel van groepbesprekings en vraagstelling deur die groeplede meer duidelikheid oor enige van die onderwerpe bewerkstellig kan word.